

BYLAAG 9 GESKREWE DATA EN TRANSKRIBERING VAN ONDERHOUD

Die navorser het die volgende skrywe die 25 Junie by Diwan ontvang. Daar moet genoem word dat Diwan 'n baie droë sin vir humor het en baie witty is. 24 Junie 2004 antwoord op eerste vraag. 7/7/2004 fenomenologiese onderhoud. Daar moet ook uitgewys word dat nommers (513-520, 1169-1172, 1175, 1174) veldnotas is wat uit die navorsing ontrek is maar nie uitgehaal is nie aangesien dit groot implikasies sou hê vir die opsomming van die temas en die akkurate verwysings daarna.

FASE EEN: ANTWOORD OOR FENOMENOLOGIESE VRAAG				
	TRANSKRIBERING	FASE TWEE	FASE DRIE	TEMA
1.	<i>Daar is werklik net een rede hoekom ek satanisme gelos het.</i>	Daar is vir die deelnemer net een rede waarom sy Satanisme gelos het.	Een snellerinsident wat maak dat sy Satanisme los	Een draaipunt ; Weerstand
2.	<i>Ek het dit ook nie eintlik gelos nie, dit was meer ek wat gevlug het.</i>	Sy verfyn stelling en noem dat sy van Satanisme gevlug het eerder as wat sy 'n bewuste keuse gemaak het om dit te los.	Vlug van Satanisme eerder as 'n vrye keuse	Vrees ; Geforseerde keuse ;Vlug
3.	<i>En deurdat ek gevlug het, het ek na 'n lang tyd Jesus leer ken.</i>	Deurdat sy van Satanisme gevlug het, het sy oor 'n tydperk Jesus leer ken.	Vlug van Satanisme lei tot 'n leer ken van Jesus.	Vrees (slegte objek) Jesus (ideale objek/ verlosser) Ontvlugting (slegte objek) lei tot Jesus Behoeftes aan verlosser Tydsverloop
4.	<i>Die rede dat ek gevlug het, was ek was verkrag en het swanger geword.</i>	Sy het gevlug vanweë verkragting en gepaardgaande swangerskap.	Vlug vanweë verkragting en gepaardgaande swangerskap.	Ontvlugting en vrees gegrond in seksuele mishandeling Swangerskap Seksuele geweld
5.	<i>EK het geweet sou die coven hiervan uitvind sou hulle die kind offer.</i>	Sy het geweet dat sou die Satanistiese sel uitvind van stelling 4 sou hulle die kind offer. Sy besef dat haar kind se lewe in gedrang is	Vrees gegrond in ervaring dat Satanistiese sel kind sal offer as hulle kennis dra van swangerskap. Persoonlike kennis Bewustheid oor moontlike verlies van kind.	Vrees vir verlies van kind. Agterdogtig Kinderoffers deur Satanistiese sel. Rituele, kinder-, seksuele mishandeling. Emosionele en fisieke mishandeling Waarnemingsleer of indirekte trauma. Moederlike instink om kind te

				<p>beskerm/eie behoefte aan omgee en liefde.</p> <p>Haar swangerskap het ook gekonfronteer met die tema van verlies.</p>
6.	<i>'n Jaar en 'n half na sy geboorte kry hulle ons, en offer toe die kind.</i>	'n Jaar en 'n half na die kind se geboorte het die Sataniese sel haar gevind en haar kind geoffer.	<p>Bewustheid dat sy haar kind kan verloor.</p> <p>Haar swangerskap het ook gekonfronteer met die tema van verlies.</p> <p>Haar geantisipeerde vrees om haar kind te verloor, word 'n werklikheid.</p>	<p>Geboorte van Adriaan</p> <p>Bewustelike vrees vir verlies van kind.</p> <p>Swangerskap konfrontasie met tema van verlies.</p> <p>Fisieke/kindermishandeling .</p> <p>Geantisipeerde vrees om haar kind te verloor word 'n werklikheid.</p> <p>Fisieke mishandeling en kinderooffers / kindermoord</p>
7.	<i>Dit is toe dat ek besef dat daar meer aan die lewe dan dit wat ek ken.</i>	Die ervaring van vlug, swangerskap en die offer van haar kind het haar laat besef dat daar meer aan die lewe is as wat sy ken.	Vlug en vrees, swangerskap offermoord/verlies van kind lei tot eksistensiële vroe	<p>Vlug</p> <p>Vrees</p> <p>Swangerskap</p> <p>Trauma</p> <p>Verlies van kind lei tot eksistensiële vroe oor sin van die lewe</p>
8.	<i>Tot vandag toe weet ek nie hoe ek daar uit gekom het nie, maar 'n paar maande daarna toe vind God my.</i>	Sy is tans nog onseker oor hoe sy uit Satanisme gekom het, maar sy is seker dat God haar 'n paar maande daarna gevind het.	Verward oor hoe sy uit Satanisme gekom het. Seker dat God haar na uitkoms uit Satanisme gevind het.	Verward oor proses van uitkoms/ontvlugting uit Satanisme Oortuig oor 'n Goddelike ingryping in haar uitkomproses.
9.	<i>*Rehan as jy detail wil hê, sê net so dan gee ek dit vir jou na die beste van my vermoë.</i>	Sy is gewillig en bereid om meer detailbeskrywings na die beste van haar vermoë vir die navorser te gee.	Bewus van gereserveerdheid en weerstand. Is bereid om minder defensief te wees en detailbeskrywings binne haar vermoë te gee.	<p>Bewus van gereserveerdheid.</p> <p>Weerstand.</p> <p>Bereid om binne haar vermoë beskrywings te gee.</p> <p>Weerstand neem af.</p> <p>Openheid neem toe.</p>

FASE TWEE DIE ONDERHOUD				
	TRANSKRIBERING	FASE TWEE	FASE DRIE	TEMA
10.	<i>Dit het sowat 2 dae geneem om die onderhoud te transkribeer, ek het die onderhoud sowat 4 maal moes deur luister om dit so akkuraat as moontlik te kry.</i>	Die navorser het twee dae spandeer aan die transkribering. Hy moes die oudioband herhaaldelik deurluister om die data so akkuraat as moontlik deur te gee.	Langdurige proses van transkribering. Herhaaldelike deurluister om data akkuraat deur te gee.	Transkribering lang proses. Getrouheid van data deur herhaaldelik luister na data. Akkuraatheid van data Tyd gespandeer aan data
11.	<i>Daar is na beide opnames geluister en nadat die onderhoud getranskribeer is, het ek weereens die oudioband deur geluister terwyl ek die woorde van die transkripsie na gegaan het vir foute.</i>	Beide opnames is na geluister en na afhandeling van die transkribering is die transkripsiedata se akkuraatheid nagegaan deur na die oudioband te luister terwyl die getikte data gelees is.	Twee opnames Akkuraatheid van data twee maal ouditief en visueel getoets. Data akkuraat gestoor.	Betroubaarheid en getrouheid van data aan die fenomeen verseker. Akkurate beskrywings. Ouditiewe en visuele toets van data. Akkurate storting van data.
12.	<i>Gedurende hierdie tyd is die waarnemings van die navorser ook ingebring om die gebeure so akkuraat as moontlik weertegee, sonder dat enige belangrike data verlore sou raak.</i>	Waarnemings van die navorser is aangeteken om die gebeure so akkuraat en omvangryk moontlik weer te gee en te beskryf sonder om data verlore te laat gaan.	Waarneming aangeteken om bevestigbaarheid, akkuraatheid en omvangryke beskrywings daar te stel.	Waarnemings aangeteken. Bevestigbaarheid, akkuraatheid en omvangryke beskrywings Fyn nuanses
13.	<i>Tydens die verloop van die transkribering het ek dit goed gevind om met Karien se terapeut, wat ook die aand by was 'n onderhoud te voer en my waarnemings met hom te toets.</i>	Die navorser het dit nodig gevind om konsensusgesprekke oor sy waarnemings met die deelnemer se terapeut te voer. Die deelnemer se terapeut was teenwoordig tydens die onderhoud.	Konsensusgesprekke met terapeut om waarnemings te toets. Karien se terapeut teenwoordig tydens onderhoud. Gebrek aan vertroue en gevoel van veiligheid.	Steuringsveranderlike. Betroubaarheid van waarnemings getoets. Navorser genoodsaak om konsensusgesprekke te voer. Gebrek aan vertroue Gevoel van onveiligheid Getrouheid van beskrywing. Triangulasie Veiligheid in persoon wat Christelike Wêreldsiening het.
14.	<i>Gedurende hierdie gesprek met hom het hy my meegedeel dat Karien al sedert 1998 in terapie</i>	Die deelnemer is in langtermyn terapie by een terapeut.	Langtermyn terapie by een terapeut.	Langtermyn terapie Afhanklikheidstrekke

	<i>by hom was.</i>			
15.	<i>Die terapie was een jaar onderbreek, aangesien sy nie by die grense van terapie gebly het nie.</i>	Terapie is onderbreek vir 'n tydperk van een jaar aangesien die deelnemer nie by die grense van terapie gehou het nie	Terapie een jaar onderbreek. Gebrekkige samewerking Onderbreek terapie a.g.v. verbreking van grense.	Dwelmgebruik en Dwelmrehabilitasie. Terapeutiese onderbreking Hervat terapie Gebrekkige samewerking verbreek grense Rebelleer teen struktuur.
16.	<i>Sy het uit die reabiliasie program uit gegaan en daarna is terapie gestaak en eers 'n jaar later hervat.</i>	Die deelnemer het onttrek uit die program vir dwelmrehabilitasie wat die tydelike staking van terapie vir een jaar tot gevolg gehad het.	Rehabilitasie vir dwelmafhanlikheid. Weerstand terugval	Onttrek uit dwelmrehabilitasieprogram Dwelms Rehabilitasie 'Relapse' terugval weerstand Tydelike staking van terapie
17.	<i>Die terapeut het my meegedeel dat hy geen kennis van DID gehad het toe hulle terapeutiese proses met Karien begin het nie.</i>	Die terapeut het aan die navorser genoem dat hy geen kennis oor DID gehad het met die aanvang van die terapeutiese proses met die deelnemer nie.	Terapeut het geen voorafkennis van DID met aanvang van terapie.	DID Terapeutiese onkunde oor DID voor terapie met Karien . Terapeutiese proses openbaar DID.
18.	<i>Soos wat vertrouwe en die terapeutiese verhouding gegroei het, het syself haar verskillende alters met hom begin deel.</i>	Soos wat vertrouensverhouding gegroei het, het die deelnemer vrylik begin om haar alters (dissosiatiewe dele) met die terapeut te deel. Selfontsluiting en deel van dissosiatiewe alters is eweredig aan die mate van vertrouwe.	Vertroue dra by tot selfonthulling van alters. Selfontsluiting en deel van dissosiatiewe alters is eweredig aan die mate van vertrouwe.	Vertroue is direk eweredig aan selfontsluiting. Alters Dissosiatiewe dele Gefragmenteerde ego Vertrouensverhouding.
19.	<i>Sy was een van die hoof redes waarom hy in DID begin glo het, want hy kon nie anders nie.</i>	Die deelnemer is een van die hoofredes waarom die terapeut noodsaak was om in DID te begin glo het.	Deelnemer se selfontsluiting dra by tot terapeut se geloof in DID	Terapeutiese skeptisisme oor DID. Ervaring van terapie met deelnemer dra by tot geloof in DID
20.	<i>Ek het tydens die transkripsie verskeie kere op die oudio-</i>	Die navorser het tydens die onderhoud en transkribering	Waarnemings en bewuswording by die navorser	Waarnemings en bewuswording van gefragmenteerde ego.

	<i>band opgetel en ook tydens die onderhoud waargeneem dat dit met tye lyk asof sy “switch”.</i>	herhaaldelik waargeneem en bewus geword dat dit met tye voorkom of die deelnemer van persoonlikheid wissel, “oorgeskakel” het. Sterk vermoede van oorskakeling.	van wisseling van persoonlikheid. Oorskakeling tussen persoonlikhede. Sterk vermoede van oorskakeling.	Waarnemings van oorskakeling tussen persoonlikhede. Sterk vermoedens van oorskakeling. Veelvuldige persoonlikhede. “Switching”
21.	<i>Ek het die transkripsie verbatim saam met die terapeut deur gelees en Hy het telkens my waarneming van swiching beaam.</i>	Gesprekke met die terapeut het die navorser se waarneming van wisseling tussen persoon“oorskakeling” bevestig. Vermoede van “oorskakeling” is deur betroubaarheids gesprekke met die terapeut bevestig (interrater reliability)	Bevestiging van oorskakeling tussen persoonlikhede. Vermoede van “oorskakeling” is deur betroubaarheids gesprekke met die terapeut bevestig (interrater reliability bevestig).	Visuele en ouditiewe waarnemings van oorskakeling Sterk vermoedens van DID bevestig deur waarnemings van persoonlikheidsoorskakeling. Betroubaarheid en getrouheid van data en waarnemings bevestig deur betroubaarheids gesprekke.
22.	<i>Daar was slegs ‘n paar keer waar die switching later waargeneem is as wat dit plaas gevind het.</i>	Daar was enkele kere wat die navorser nie die “oorskakeling” waargeneem het terwyl dit plaasgevind het nie, maar eers daarvan bewus geword het na ‘n verloop van tyd.	Retrospektiewe waarneming van oorskakeling. Refleksie bring oorskakeling na vore.	Objektiewe waarneming. Betroubaarheid van data Meta-perspektief maak navorser bewus van oorskakeling.
23.	<i>Met sy hulp het hy my meegedeel wie die alter is, soos sy dit aan hom openbaar het. Skuilname is ook vir elke alter saam met hom uitgedink, sodat ek nie ‘n skuil naam kies wat die selfde is as een van haar alters nie.</i>	Die gesprekke met die terapeut het dit vir die navorser moontlik gemaak om verskillende waargenome alters te identifiseer. Skuilname is in samewerking met die terapeut uitgedink om konfidensialiteit te verseker, en te verhoed dat name gekies word wat sy aan alters gegee het.	Gesprekke lei tot identifisering van waargenome alters. Konfidensialiteit is verseker deur skuilname.	Terapeut-navorser-interaksie. Identifisering van name vir waargenome alters. DID Konfidensialiteit en etiese aspekte aangespreek.
24.	<i>Die respondent word vervolgens in die transkribering Karien genoem en is die kern persoonlikheid).</i>	Die skuilnaam Karien word aan die deelnemer se kernpersoonlikheid gegee.	Karien is kernpersoonlikheid.	Skuilname, Karien as kernpersoonlikheid

25.	<i>Die interne self helpers word Nadia en Jolandie genoem.</i>	Karien se interne-selfhelpers word Nadia en Jolandie genoem	Interne-selfhelpers is Nadia en Jolandie.	Karien Nadia interne-selfhelper. Jolandie interne-selfhelper Drie uitkenbare en waarneembare persoonlikhede.
26.	<i>Karien hou haar hondjie en wit kat vas en soen hulle op die voorkop.</i>	Karien hou haar troeteldiere vas en soen beide op hul voorkoppe. Wit kat en hond.	Karien , verhouding met troeteldier Soen troeteldiere op voorkop. Wit kat en 'n hond.	“Transisionaal” oorgangsubjek Karien het verhouding met troeteldiere. Behoeftes aan liefde uitgedruk in verhouding met diere. Wit kat Foxerrier-hond.
27.	<i>Sy kom effens senuweeagtig voor, maar is vriendelik, gasvry en het normale sosiale interaksie en gesprekke met my gevoer.</i>	Karien was vriendelik, gasvry en het normale sosiale interaksie en gesprekke met die navorser gevoer. Die deelnemer het effens senuweeagtig voorgekom maar het steeds normale sosiale interaksie gehandhaaf en van pas en gasvry opgetree.	Karien vriendelik en gasvry. Normale sosiale interaksie en gesprekke met navorser. Senuweeagtigheid Gedrag van pas en Gasvryheid.	Karien toon Sosiale interaksie Vriendelikheid en gasvryheid. Senuweeagtigheid /angs gasvry en gepaste gedrag.
28.	<i>Sy het koffie gaan maak en onverskoning gevra vir die deurmekaar deel van die huis waar haar man werk met rekenaar komponente en waar dit vuil is.</i>	Die deelnemer het koffie vir die navorser en die terapeut gemaak. Sy het namens haar man en haarself verskoning gevra vir die deurmekaar deel van die huis, waar rekenaarkomponente lê en waar die huis vuil is.	Gasvryheid Vriendelike sosiale optrede. Negatiewe Self bewustheid oor vuil huis Skuld?? Rekenaarkomponente	Gasvry Vriendelik en gemaklik met sosiale interaksie. Negatiewe selfbewustheid. Tegnologie Vuil huis moontlike metafoor vir selfbewustheid/beeld
29.	R. “Thanks dat ek weer met jou kan kom chat.	Die navorser bedank die deelnemer vir haar gewilligheid om met hom 'n onderhoud te voer	Bedank deelnemer vir deelname om onderhoud te voer.	Navorser dankbaar vir gewilligheid van deelnemer om onderhoud te voer. Dankbaar vir bereidwilligheid.
30.	Ek sien met jou lewensverhaal het jy redelik baie geskryf.	Data oor die nuwe lewenskets was ryk en genoegsaam.	Data van nuwe lewenskets ryk	Data van nuwe skets omskrywend en ryk
31.	En die antwoord op die tweede vraag.Umm...Lyk dit vir, ek	Die navorser noem aan die deelnemer dat dit vir hom	Snellerinsident-vrae word as moeilik verantwoordbaar deur	Snellerinsident-vraag ontlok traumatiese ervarings.

	weet nie wat die rede is nie, maar dit het vir my gelyk of dit vir jou moeilik was om te skryf.	voorgekom het asof sy dit moeilik gevind het om te skryf, of die tweede vraag te beantwoord. Hy was nie seker wat die rede daarvoor is nie.	die navorser omskryf. Onduidelik aangaande rede vir weerstand.	Terugflitse P.T.S.D. Navorser verward oor rede vir weerstand. Navorser omskryf vraag as moeilik/traumaties.
32.	Uuum, op die eerste vraag het jy baie geskryf en op die tweede vraag wat gaan oor die sneller insidente het jy min geskryf kan jy dalk vir my uitbrei daarop?"	Die navorser het aan die deelnemer uitgewys dat sy 'n volledige naïewe skets geskryf het, maar dat sy min data gegee het oor die vraag wat handel oor die snellerinsidente. Die deelnemer is gevra om hierop uit te brei indien dit vir haar moontlik is.	Inkonsekwent t.o.v. die verskaffing van data. Naïewe skets ryk en beskrywend. Data oor snellerinsidente min en onbeskrywend. Deelnemer gevra om uit te brei indien moontlik.	Inkonsekwent in datalewering. Benodig struktuur om data volledig te kry. Nie-spontane antwoord op vraag oor snellerinsidente. Naïewe skets ryk, beskrywend.
33.	Nadia. "Die rede hoekom ek nie veel geskryf het op die tweede antwoord nie... is pleinweg dat dit baie moeilik is op hierdie oomblik umm, dis Julie.	Nadia antwoord namens Karien die navorser se vraag en verduidelik dat dit baie moeilik is om die vraag te beantwoord aangesien dit Julie is.	Interne-selfhelper antwoord namens kernidentiteit. Weerstand word toegeskryf aan 'n spesifieke maand.	Nadia antwoord namens Karien. Fragmentering van ego. Dissosiasie. 2 uitkenbare en waarneembare persoonlikhede. DID. Vraag oor snellerinsidente ontlok trauma. Spesifieke maand is sneller wat traumatiese gebeure ontlok.
34.	Die 22 Junie, was umm Adrian se verjaarsdag so ons het deur 'n baie;	Die 22ste Junie is haar kind se verjaarsdag. Die deelnemer praat in die derde persoon en verwys na haarself as ons.	Die 22ste Junie is haar kind se verjaarsdag en blyk 'n traumatiese tyd vir die Karien te wees. Praat in derde persoon verwys na self as ons	Die 22ste Junie Herdenking van geboorte word as traumaties ervaar. Gefragmenteerde ego praat in derde persoon (ek as ons) Nadia praat namens Karien.
35.	... (pose) ek het deur 'n baie (<i>effens klem op die woord uitgereek</i>) moeilike tyd gegaan en dit is, en dit is wat baie swaar, ba- ba- baie moeilik om te skryf daaroor. So, ja.	Na 'n oomblik van stilte korrigeer sy haarself en verwys na haarself in die eerste persoon. Nadia noem dat sy deur 'n baie moeilike tyd gegaan het en sy stotter as sy vertel dat dit daarom vir haar baie moeilik was om oor haar ervarings te skryf/ om oor die vraag te skryf.	Stilte Korrigeer haarself verwys na self in eerste persoon EK. Nadia interne-selfhelper verduidelik namens Kernpersoonlikheid Karien dat Junie traumaties is en sy ervaar ang (stotter) soos sy noem dat	Datum is sneller wat trauma ontlok Stilte Korrigeer self - verwys na self in eerste persoon ek. (Insig) Bewus van veelvuldige persoonlikhede. Nadia (interne-selfhelper)

			die vraag trauma by haar ontlok	Traumatiese tyd Angs Vraag oor snellerinsidente ontlok trauma.
36.	R. OK. Uu, kan jy my dalk net meer vertel oor hoekom daardie datum vir jou baie moeilik is?	Die navorser vra die deelnemer om uit te brei oor die redes waarom die 22ste Junie 'n moeilike tyd is. 22 Junie is 'n traumatiese tyd	Struktuur Navorser vra beskrywing van redes waarom 22 Junie traumaties ervaar word.	Nie spontane gesprek. Struktuur. Navorser vra uitbreiding. Junie is traumaties.
37.	Nadia: Dis vir my moeilik eerstens omdat... dis die datum wat hy gebore was.	Nadia verduidelik dat dit eerstens vir haar moeilik is aangesien dit die datum is waarop haar kind (Adriaan) gebore is. Die deelnemer noem as een van die redes waarom dit vir haar 'n moeilike tyd is haar kind se geboorte op die 22ste Junie.	Haar kind se geboorte is een van die redes waarom die 22ste Junie vir haar 'n traumatiese tyd (moeilike) tyd is. 22 Junie is traumatiese dag Nadia interne-self-helper Ambivalensie geboorte en dood.	Traumatiese dag (22 Junie) a.g.v. Adriaan se geboorte. Nadia interne-selfhelper. Herinneringe van kind se geboorte word as traumaties (moeilik) beskryf Ambivalensie geboorte/dood.
38.	Dis sy verjaarsdag (<i>effens hartseer stemtoon</i>).	Die deelnemer noem in 'n effense hartseer stemtoon dat die 22ste Junie haar kind (Adriaan) se verjaarsdag is.	Hartseer gevoelens wanneer sy dink aan Adriaan se verjaarsdag die 22ste Junie.	Hartseer gevoelens. Herinneringe van Adriaan geboorte ontlok hartseer. Adriaan verjaarsdag 22 Junie. Verlies gekompliseerde rou reaksie.
39.	Uumm..., mens, mens dink gewoonlik dat jy op sy verjaarsdag net gaan, ga onthou van... O.k hy's gebore!	Die deelnemer het die verwagting dat sy op haar kind se verjaarsdag sal onthou dat hy gebore is.	Verwagtings van positiewe herinneringe oor kind se verjaarsdag/ geboorte.	Verwagtings van positiewe herinneringe t.o.v. kind se geboorte. Adriaan 22 Junie gebore. Teleurstelling 22 Junie en geboorte van kind sneller vir traumatiese herinnerings.
40.	Maar met sy verjaarsdag dink jy ook aan, hoe hy gegaan het en umm... twee keer 'n jaár (<i>sagter stemtoon effens swarmoedig</i>) – die 22 Junie en die 22 Desember, is vir my baie baie	Die deelnemer dink ook op Adriaan se verjaarsdag aan hoe hy doodgegaan het. Daar is vir die deelnemer twee datums in 'n jaar (22 Junie, 22 Desember) wat moeilik is.	Die 22ste Junie (geboortedag van kind) en 22 Desember (dag van afsterwe van kind) is vir die deelnemer traumaties en veroorsaak ambivalente herinneringe by Nadia .	Herroep trauma op sekere datums. 2 datums in jaar (22 Junie en 22 Des) ontlok traumatiese herinnerings by Nadia Ambivalente herinnerings oor

	moeilik (<i>tempo van stemtoon tel op en sy se dit vinnig</i>).			kind. Afsterwe van kind Verlies 22 Junie sneller vir herinneringe van verlies van kind.
41.	22 Junie onthou ek sy verjaarsdag, en hoe hy doodgegaan het en die 22 Desember onthou ek hoe hy gebore was en hoe hy doodgegaan het.	Twee datums (22Junie en 22 Desember) wat verband hou met haar kind se geboorte en afsterwe bring negatiewe en positiewe herinnering by Nadia na vore.	22 Junie Adriaan geboorte 22 Desember Adriaan dood. Datums wat verband hou met verlies en geboorte van kind ontlok ambivalente herinneringe by Nadia .	22 Junie Adriaan geboorte. Moeder-kind-verhouding. 22 Desember Adriaan dood. Verlies datums wat herinner aan Adriaan se bestaan ontlok ambivalente herinneringe by Nadia .
42.	So, ja dit is vir my... dis vir my baie moeilik (vinnige stem, matter of factly) Dis al.	Die deelnemer haas haarself terwyl sy oor die moeilike herinneringe van haar kind op feitelike wyse praat. Sy maak asof dit minder moeilik is om oor die herinneringe te gesels deur haar ervarings te verkleineer as sy haar sin eindig met die woorde "dis al".	Die deelnemer ervaar dit traumaties om oor die herinneringe van haar kind te praat, maar sy ontken, onderdruk die gepaardgaande gevoelens deur vinnig oor die onderwerp te praat en die inligting baie feitelik deur te gee.	Onderdrukking van gevoelens. Rasionalisering Vraag en onderhoud ontlok angs en traumatiese herinneringe. Ontkenning van gevoelens/dissosiasie.
43.	R: (<i>effense stilte</i>) O.K. Wat ek gaan doen as dit reg is met jou, is ek gaan net lees wat jy geskryf het vir my, en dan net vir jou vra om daarop uit te brei.	Die navorser verduidelik aan die deelnemer dat hy verbatim aan haar haar geskrewe data gaan teruglees en dat hy wil hê dat sy daarop moet uitbrei as sy gewillig is.	Oop-einde vrae Nie-leidende vraag. Verbatim teruglees van geskrewe data. Vrywillige verbale uitbreiding oor data	Onderhoud op fenomenologiese wyse gevoer. Betroubaarheid van onderhoud. Nie-leidende vrae Ontlok omvangryke beskrywing. Semi-gestruktureerde onderhoud.
44.	Nadia: Dis reg. (<i>sy val in my in die rede</i>).	Nadia is gewillig om op die navorser se voorgestelde wyse (sin 43) voort te gaan met die onderhoud.	Nadia is gewillig om op die navorser se wyse van onderhoudvoering voort te gaan .	Nadia aanvaar leiding, struktuur. Navorser stel wyse van onderhoudvoering voor.

45.	R: Is dit o.k. met jou?	Die navorser maak dubbel seker dat die deelnemer gemaklik is met die wyse waarop hy die res van die onderhoud wil voer.	Toets bereidheid om op voorgestelde wyse aan te gaan met onderhoud.	Behouding “behouding containing” van Nadia deur navorser. Eties korrek Toets gewilligheid.
46.	Nadia: Ek, gaan, ek gaan vir jou sê voordat jy my vra, ek gaan uitbrei so veel as wat ek ... willingly is om dit te doen! (<i>selfversekerd</i>)	Nadia stel duidelik en selfversekerd haar eie voorwaardes aan die navorser dat voordat hy enige vraag vra, moet hy weet dat sy bereid is om uit te brei op haar geskrewe data tot die mate wat sy gewillig is om dit te doen.	Nadia stel grense dat sy bereid is om uit te brei op geskrewe data binne haar bereidheid. Die deelnemer bied effense weerstand	Nadia stel grense Bereid om self te ontbloot tot mate wat sy wil. Nadia bied weerstand/beskerm sisteem.
47.	R: Dis reg, dis nie vir my ‘n probleem nie... As jy sê:” Daar is werklik net een rede hoekom ek satanisme gelos het,” kan jy meer daarvan vertel?”	Die navorser voldoen aan haar versoek en verduidelik dat hy nie ‘n probleem met haar voorstel het nie. Die navorser skep, deur effense stilte, vir die deelnemer die geleentheid om te reageer. Die deelnemer reageer nie en die navorser lees aan haar verbatim dat sy geskryf het daar is net een rede waarom sy Satanisme gelos het, hy vra haar om hom meer van hierdie rede te vertel.	Navorser aanvaar/ respekteer Nadia se grens. Stilte bied geleentheid vir stel van verdere grense. Stilte veroorsaak ongemak (gebrek aan struktuur lei tot angs) Navorser bied struktuur verbatim teruglees van geskrewe data Daar is een draaipunt/snellerinsident Die navorser vra vir beskrywing.	Respek vir Grense. Nadia en Navorser stel grense vir interaksie. Stilte veroorsaak ongemak. Konkrete gedagtes Afwesige struktuur veroorsaak angs. Navorser bring struktuur. Geskrewe data Verbatim teruglees. Een draaipunt data nie ryk genoeg.
48.	Nadia: Weet jy. Dis nie completely waar nie (<i>blaas effens vinnig asem uit</i>).	Nadia noem dat dit nie heeltemal waar is dat daar net een rede is waarom sy Satanisme gelos het nie.	Nie net een rede nie vir Nadia om Satanisme te los nie.	Nadia noem dat daar nie net een snellerinsident of draaipunt is nie. Leuens Weerstand neem af.
49.	Umm voor dit het ek begin wonder, en... begin vrae vra en alles, maar dit was die main rede, die <i>eintlike</i> rede hoekom ek besluit dat dit, dit is nie vir	Nadia het al voor haar kind se geboorte begin wonder en vrae vrae oor haar betrokkenheid by Satanisme. Haar kind se geboorte en afsterwe as een van die	Voor kind se geboorte en verlies het vrae ontstaan oor betrokkenheid. Kind se geboorte en afsterwe is een van hoofredes.	Gewete skuldgevoelens. Voor kind se geboorte ontstaan vrae. Geboorte en verlies van kind een van hoofsnellerinsidente. Satanisme nie vir haar.

	my nie, dis nie hoekom ek rêrig hier is nie.	hoofredes waarom sy besluit het Satanisme is nie vir haar nie, en is ook nie die werklike rede waarom sy bestaan nie.	Satanisme nie vir Nadia nie en nie rede vir haar bestaan	Satanisme gee nie sin aan lewe nie. Eksistensiële vrae
50.	R: Kan ek vir jou vra om oor daai ander redes dalk net vir my uit te brei of vir my te sê wat dit ook is?	Die navorser vra die deelnemer om die ander redes te noem en daarop uit te brei.	Navorser vra uit oor ander redes en vra beskrywing.	Struktuur
51.	Nadia: (<i>Maak keel skoon</i>). Redes is.. wanneer jy by 'n ritueel kom is dit formalisties, dit, dis umm, jy kom by 'n ritueel, jy't jou cloak aan, jy't nie skoene aan nie... al wat jy onder jou cloak aan het is: Niks nie! Ummph (<i>sug</i>).	Sy noem twee redes in sin 51. Eerstens beskryf sy die formalistiese aard van 'n Satanistiese ritueel. Tweedens noem sy ook dat tydens 'n Satanistiese ritueel het 'n persoon behalwe vir 'n "cloak" geen skoene of onderklere aan nie.	Sy noem twee redes waarom sy Satanisme verlaat het: - die formalistiese aard van die Satanistiese ritueel, en - haar ontbloting en naaktheid wat slegs deur 'n "cloak" bedek word. Geen skoene of onderklere aan nie.	Redes om Satanisme te verlaat, sluit in: Formalistiese aard van Satanistiese ritueel. Wettisme/simboliek. Ontbloting en naaktheid wat slegs deur "cloak" bedek word. Afbreek van menswaardigheid. Konformering. Cloak bedek naaktheid.
52.	Umm, en... dit was net, dit was, dit was moeilik.	Sin 40 en 51 wys daarop dat haar kind se geboorte en dood, sowel as die formalistiese aard en haar naaktheid tydens 'n Satanistiese ritueel vir haar traumaties was.	Kind se geboorte en dood Formalistiese aard van Satanistiese ritueel Naaktheid tydens Satanistiese ritueel is drie traumatiese ervarings en snellerinsidente vir uitkoms uit Satanisme.	Trauma: - geboorte van kind en sy dood. - kindermoord - rituele mishandeling - geweld - emosionele en seksuele mishandeling . Snellerinsidente Trauma Formalistiese aard van Satanistiese rituele. Simbolisme, wettisme. Naaktheid afbreek van menswaardigheid.
53.	En, dit was baie moeilike tye gewees.	Sy herhaal dat hierdie vir haar traumatiese tye was.	Nadia poog om navorser te oortuig dat drie redes in 52 vir	Nadia dink dat sy nie verstaan /gehoor word nie.

			haar traumaties was.	Poog om navorser te oortuig dat drie snellerinsidente traumaties was.
54.	Dit het toe alles in een jaar gebeur.	Tydsverloop van 'n jaar.	Jaar tydperk.	Tydsverloop van 'n jaar.
55.	Dit, uh, het genuine alles in een jaar gebeur, mar, die rede hoekom ek sê dat Adrian was vir my die draaipunt gewees wat, uumf (sug)....	Alles het in een jaar gebeur en daar is redes waarom Adriaan die draaipunt was.	Een jaar het als gebeur. Daar is ook redes waarom Adriaan die draaipunt was.	Die belangrikste snellerinsident/draaipunt blyk Adriaan te wees. Tydsverloop van 'n jaar. Redes waarop Adriaan draaipunt is. Rasionalisering.
56.	Ek sal jou verduidelik hoe dit gebeur het daai spesifieke aand (<i>Naratiewe stemtoon</i>).	Die deelnemer is gewillig om te verduidelik wat op 'n spesifieke aand gebeur het.	Spontane herroeping van traumatiese ervaring. Herroep spesifieke aand se gebeure.	Terugflits van trauma. Herroep spesifieke aand se gebeure. Spontane herroeping van trauma. Selfontsluiting. Trust of rapport is bewerkstellig.
57.	R: O.k	Die navorser stem in dat sy verduidelik.	Navorser gee ruimte vir Nadia om herinnering te deel.	Ruimte word vir Nadia gegee. Nadia word toegelaat om traumatiese herinnering te herroep. Beskrywende data.
58.	Nadia: Umm, ons het by die ritueel gekom en, 'n kerk, uh, het besluit dat hulle verskriklik sterk is om 'n ritueel op te breek (effens geammiseerd) en, hulle het by die ritueel ingestap en en gedink dat...	Ons (Satanistiese sellede) het by 'n ritueel aangekom en daar was 'n kerk wat besluit het dat hulle verskriklik sterk is om 'n ritueel op te breek. Die kerk het by die ritueel ingestap en gedink.	Satanistiese sellede daag op by ritueel. Kerk wat besluit/gedink het hulle is verskriklik sterk. Kerk stap by ritueel in en wil ritueel opbreek.	Satanistiese sellede. Aanvang van ritueel. Kerk neem besluite, dink hulle is sterk. Mag. Kerk meng in tydens Satanistiese ritueel.
59.	Terapeut: 'n Christelike kerk?	Die terapeut vra of dit 'n Christelike kerk was.	Die terapeut vra of die kerk Christelik was.	Christelike kerk Steuringsveranderlike, terapeut.
60.	Nadia: Ja, 'n Christelike kerk het gedink hulle gaan by 'n ritueel instap, en God is in	'n Christelike kerk het gedink hulle gaan by 'n ritueel instap en God is in beheer en hulle gaan die ritueel	Nadia noem dat daar 'n Christelike kerk was wat gedink het God is in beheer en hulle	Christelike kerk (wêreldsiening) Fantasia van mag? God is in beheer (Gees-

	beheer en...hulle gaan dit opbreek (<i>effens verslae</i>).	opbreek.	kan die ritueel opbreek.	dimensie) Ritueel opbreek (vervolgingsangs)
61.	Umm, ons was besig met 'n ritueel gewees op daai stadium, dit was die 22 ste Junie gewees, Junigestaltes???, wat seksuele orgies en sacrifises sulke tipe van goeters, sulke tipe van goeters is.	Die Satanistiese sel was besig met die ritueel op die 22ste Junie. Die ritueel het seksuele orgies, offerandes en soortgelyke aspekte ingesluit.	Satanistiese sel besig met ritueel 22 Junie. Ritueel sluit in seksuele orgies. Offerandes Soortgelyke goed	Satanistiese sellede hou rituele. 22 Junie. Uitreagering van seksuele drange en impulse Sondige natuur/vlees Superego. Ritueel sluit in seksuele orgies/perversiteit. Offerandes kinderooffers en/of diere-offers Onderdruk herinneringe van traumatiese aand.
62.	En alles was in beheer gewees.	Die deelnemer (Nadia) en die res van die Satanistiese sel was in beheer van die ritueel gewees.	Nadia en res van Satanistiese sel was in beheer van ritueel.	Nadia in beheer van ritueel. Mag/krag Satanistiese sel in beheer van ritueel.
63.	Op daai stadium was ek, 'n mistress.	Die deelnemer was 'n meesteres, 'n persoon in die beweging soortgelyk aan 'n prostituut.	Karien was op die aand van gebeure 'n meesteres. Persoon soos prostituut.	Karien is meesteres. Veelvuldige seksuele maats. Triangulasie. Gebrek aan impulskontrole. Seksuele misbruik. Vroue-mishandeling / seksuele mishandeling Meesteres vergelyk met prostituut
64.	Ek was van umm... van die mother witch af was ek, een van die mistresses gewees van; Sou die high priester, nie van van die high priestes, as hy nie van die high priestes gehou het van daai maand nie, of van daai aand nie, kon hy 'n mistress (<i>amper soos 'n</i>	'n Meesteres is hiërgies een vlak onder die "moederheks" en die hoëpriester kon vir hom 'n meesteres kies as hy nie van die "hoëpriesteres" van daardie maand of aand gehou het nie.	Karien het die rol vervul van iemand wat seksueel misbruik kon word deur die manlike outoriteitsfiguur (hoëpriester). Meesteres is hiërgies onder moederheks. Hoëpriester kon meesteres kies as hy interpersoonlike konflik ervaar met hoëpriesteres van	Rol van persoon wat seksueel misbruik kan word (interne psigiese struktuur sien self as sleg). Misbruik deur manlike outoriteitsfiguur. Hiërgiese orde. Hoëpriester Moederheks Meesteres.

	<i>prostetuut in die beweging) vir homself gekies het, en dit is wat ek was (stemtoon verhoog met laaste sinsdeel).</i>		die maand of aand.	Interpersoonlike konflik met hoëpriesteres.
65.	Umm, ek was op die punt van van umm, promotion gewees om high priestes te word, en	Die deelnemer was op die punt waar sy bevorder sou word tot die status van hoëpriesteres.	Karien sou bevorder word tot hoëpriesteres. Posisie gee status en mag.	Karien sou bevorder word tot hoëpriesteres Posisie gee status Soeke na status / mag
66.	... Toe die kerk daar instap was dit – hulle was nie prepared vir wat hulle gesien het daai aand nie, hulle wás nie.	Nadia keer terug na die aand se gebeure, sy vind dit moeilik om dadelik die implikasies van die kerk se teenwoordigheid uit te lig.	Terugkering na aand se gebeure. Moeilik om implikasies van kerk se teenwoordigheid uit te lig. Nadia verduidelik eerder dat die kerk volgens haar onvoorbereid was vir wat hulle daardie aand gesien het as wat sy die implikasie, gevolge, of effek noem van die kerk se teenwoordigheid by die ritueel daardie Junie- aand.	Gee eie struktuur aan onderhoud. Uit beweging t.o.v. onderwerp. Ontken implikasies van kerk se teenwoordigheid. Nadia rasionaliseer die impak van kerk teenwoordigheid. Visuele herinnerings van Junie-aand.
67.	Umm, ek het ingestap, by die ritshuiee (<i>stotter</i>) die ritueel, alles het perfek gegaan soos normaal en umm, die kerk het ingestap op ons en everything just went wild.	Nadia skraap genoeg moed bymekaar en noem die gebeure van die aand. Sy was reeds deel van die ritueel en op daardie stadium het die ritueel perfek en normaal verloop. Toe die kerk egter by die ritueel opdaag of instap op die Sataniese sel was daar chaos. Everything just went wild.	Skraap moed bymekaar. Herroep traumatiese aand se gebeure. Idealiseer die ritueel. Ritueel is aanvanklik normaal. (simboliese/konkrete gee struktuur) Kerk veroorsaak chaos.	Herroep traumatiese gebeure van aand. Idealiseer ritueel (identifiseer met slegte objek) Ritueel hanteer angs. Konkrete gee struktuur. Kerk (geprojekteerde interne goeie objek keer terug) veroorsaak chaos in eksterne omgewing. Interne gevolge en eksterne omgewingsgevolge. Kerk bring fisieke chaos, kan ook gesien word as terugkeer van interne goeie objek wat interne konflik veroorsaak (chaos).

68.	Umm, net soos wat, net soos wat volunteers (vrywilligers wat deel is van hul herstel proses) weet vandag hulle bid vir confusion, dit is presies wat daar was daai dag. Niemand het geweet wie dit, wie wat, wie, wie was nie en, umm..(2 sek stilte).	Sy gee duidelikheid oor stelling 67 deur 'n vergelyking te trek met gebede vir verwarring wat gebid word deur vrywilligers wat deel is van haar ondersteuningsstelsel. Die stelling "Everything went wild" wys daarop dat daar totale verwarring en chaos was onder die Sataniese sellede. Die Satanistiese lede en Nadia het nie geweet hoe om sin te maak uit die gebeure nie. Hulle was onduidelik oor wie by die ritueel opgedaag het en wie wie was.	Nadia skryf chaos toe aan gebede wat verwarring bring. Vrywilligers deel van herstelproses. Totale verwarring en chaos onder Satanistiese sellede a.g.v. Kerk se teenwoordigheid en gebede. Nadia en sellede kon nie sin maak uit verwarring nie. Was gedisoriënteer t.o.v. persoon.	Geestelike aspekte veroorsaak chaos. Gebed bring die verwarring. Kerk se teenwoordigheid en gebede bring totale verwarring en chaos by Nadia en Satanistiese sellede. Kon nie sin maak uit gebeure nie. Disoriëntasie t.o.v. persoon. Geestelike sowel as psigiese verklaring moontlike redes vir verwarring en chaos.
69.	<i>(Waarneming: tot op hierdie stadium was redelik teruggetrokke en effens oneg en oppervlakkig)</i>	Die navorser het die deelnemer waargeneem as effens gereserveerd, teruggetrokke, effens oneg en oppervlakkig.	Waarneming dui daarop dat Karien gereserveerd is. Teruggetrokkenheid Oppervlakkig Effens oneg.	Gereserveerdheid. Gebrek aan vertroue Karien teruggetrokke Oppervlakkigheid Effense onegtheid.
70.	<i>Sy het agter teen die rugleuning van die swart leer meubels gesit en selde beweeg of van handgebare gebruik gemaak.</i>	Nadia se liggaamshouding was gemaklik, tog gereserveerd. Sy het selde van handgebare gebruik gemaak.	Nie-verbale kommunikasie gereserveerd maar gemaklik. Handgebare beperk.	Nie-verbale kommunikasie. Gereserveerd tog gemaklik. Maniërisme beperk Handgebare beperk
71.	<i>Sy het 'n stemtoon gehad van 'n vrou in haar vroeë twintigs en sy was baie kalm, tog skepties maar redelik ontspanne.</i>	Nadia het stemtoon het oorgekom soos 'n vrou in haar vroeë twintigs. Sy het kalm, redelik ontspanne maar tog skepties/gereserveerd. voorgekom.	Nadia het stemtoon van vrou in haar vroeë twintigs. Kom rustig en kalm voor, tog skepties gereserveerd.	Nadia vrouestemtoon in haar vroeë twintigs. Nie-verbale gedrag toon nie angs. Gereserveerdheid dui op angs
72.	<i>Sy het net met die regterhand gerook en baie kalm gerook.</i>	Nadia rook sigarette kalm met haar regterhand.	Rook sigaret met regterhand. Kalm	Nadia rook regs. Nie-verbale kommunikasie Nikotienafhanklikheid.
73.	<i>Dit het geklink asof sy selektief informasie met die navorser deel en alhoewel sy soms baie</i>	Dit het vir die navorser oorgekom asof Nadia gereserveerd is met haar spraak en inhoud soms arm.	Nadia is gereserveerd Spraak en inhoud soms arm.	Nadia gereserveerd. Spraak, inhoud arm.

	<i>woorde gebruik was dit vaag in inhoud.</i>			
74.	<i>Tydens hierdie twee sekonde stilte het sy haar oë toegemaak, effense beweging in haar kop getoon asof sy wakker word en verward rondgekyk, oë paar keer vinnig na mekaar geknip, effens angstig en toe het sy weer binne sekondes ontspane voorgekom.</i>	Nadia het vir twee sekondes haar oë toegemaak, haar kop effens (op maniëristiese wyse) beweeg, weer haar oë oopgemaak asof sy ontwaak en verward rondgekyk terwyl sy effens angstig voorgekom het. Nadia het egter binne sekondes weer ontspane voorgekom.	Twee sekondes oë toe. Maniëristiese kopbewegings Herwinning van bewussyn (oorskakeling) Verwardheid Angstigheid Spoedige afname in angs en Nadia kom kalm voor.	Derealization? Dissosiasie Maniëristiese kopbewegings Herwin bewussyn Oorskakeling Verwarring Spoedige afname van angs Angstigheid Nadia kalm
75.	<i>Dit het gelyk asof sy haar self oriënteer in haar omgewing.</i>	Dit het vir die navorser voorgekom asof Nadia 'n oomblik geneem het om haarself ten opsigte van haar omgewing te oriënteer.	Blyk of Nadia haarself in omgewing oriënteer	Oriëntasie t.o.v. omgewing Waarneembare veranderings in Nadia se gedrag
76.	<i>MAAR sy het nou vooroor gesit elmoë op haar knieë en die een siggatet na die ander gerook, sy het net met die linkerhand gerook.</i>	Die navorser het 'n verandering in liggaamshouding en nie-verbale gedrag opgemerk. Die mees opvallende verandering was die meer kompulsiewe kettingrook van sigarette slegs met die linkerhand en 'n vooroor gebukkende posisie.	Verandering in liggaamshouding. Nie-verbale gedrag. Kompulsiewe kettingrook van sigarette nou met linkerhand. Vooroor liggaamshouding.	Waarneembare veranderings in gedrag en nverbale kommunikasie deur betroubare waarnemer. Kompulsiewe ketting rokery van sigarette. Nikotienafhanklikheid. Deelnemer rook met linkerhand
77.	<i>Sy was meer selfversekerd tog traak my nie agtig voorgekom en haar stemtoon was meer hard en duidelik met 'n effense aggressiewe ondertoon.</i>	Karien het selfversekerd en minder gereserveerd voorgekom. Haar stemtoon was hard en duidelik met 'n aggressiewe ondertoon. Dit wil voorkom of sin 68 ongemak veroorsaak tot die mate dat Nadia nodig het om 'n meer selfversekerde deel (alter) se hulp in te roep om oor die gebeure te praat. Dit kan egter ook wees dat	Karien kom selfversekerd voor. Meer oop, minder gereserveerd Stemtoon hard en duidelik met aggressiewe ondertoon Amnesie t.o.v. gebeure. Of flashback ontlok deur sin 68 Dissosiasie Nadia benodig 'n meer selfversekerde alter om oor gebeure te praat.	Karien is selfversekerd Nie-verbale kommunikasie oop Gereserveerdheid neem af Verbale kommunikasie duidelik met aggressiewe ondertoon. Amnesie t.o.v. gebeure Terugflitse ontlok deur 68 Dissosiasie Onderhoud bring ander

		Nadia nie herinneringe oor die gebeure het nie en moet toelaat dat 'n alter wat die gebeure kan herroep, moet oorneem.		persoonlikheid na vore. Veelvuldige persoonlikhede hanteer trauma.
78.	<i>Dit het ook soos 'n vrou geklink in haar twintigs maar waar sy voorheen selde 'n krag of "slang" woord gebruik was dit nou algemeen. Daar was nou Engelse woorde wat gereeld voorgekom het.</i>	Jolandie praat namens Karien. Haar stemtoon was steeds soos 'n vrou in haar twintigs, maar kragwoorde en gereelde gebruik van Engels was nou algemeen waar dit voorheen afwesig was.	Jolandie se stemtoon: vrou in twintigs. Kragwoorde en Engelse woorde algemeen. Veranderings in gedrag en taalgebruik	Jolandie stemtoon kongruent aan ouderdom (vrou twintigs) Kragwoorde Engelse woorde Verandering in gedrag en taalgebruik.
79.	<i>Die terapeut het tydens die onderhoud bevestig dat die waarneming akkuraat is en gesê dat wie in die volgende deel praat is een van haar alters wat ook soos 'n host optree, sy word Jolandie genoem.</i>	Die navorser se waarneming dat Karien moontlik van persoonlikheid gewissel het (geswitch) het, is deur die terapeut bevestig. Hy het genoem dat Jolandie ('n interne-selfhelpster) namens Karien in die volgende deel praat.	Aanwesigheid van veelvoudige persoonlikhede deur terapeut bevestig. Jolandie interne-selfhelpster praat namens Karien	Veelvuldige persoonlikhede Jolandie interne-selfhelpster. Ander persoon neem oor. Sekondêre kenmerke van veelvoudige identiteite.
80.	<i>Dit moet Jolandie wees wat praat aangesien Nadia nie seer in die algemeen en seksuele trauma kan hanteer nie het hy gesê)</i>	Jolandie is 'n alter wat emosionele seer en seksuele trauma hanteer.	Jolandie hanteer emosionele seer. Seksuele trauma.	Geskiedenis van erge emosionele en seksuele trauma. Verdedigingsmeganisme van dissosiasie Meer as een persoonlikheid . Jolandie interne-selfhelpster.
81.	Jolandie: Ek was verkrag daai aand (<i>effens terneergedruk, tog aggressiewe ondertoon</i>) Uhm, 'n paar maande na dit toe vind ek uit ek is swanger (<i>hartseer ernstige sagte stem</i>).	Jolandie noem in 'n effens terneergedrukte en aggressiewe stem dat sy verkrag was die aand wat daar verwarring was by die ritueel nadat die Christelike kerk daar opgedaag het. Jolandie noem in 'n hartseer stem dat sy 'n paar maande na die verkragting uitgevind het dat sy swanger was.	Jolandie se emosies van pas. Terneergedrukte en aggressiewe stemtoon. Herroep verkragting Verwarring by die ritueel a.g.v. Christelike kerk se teenwoordigheid. Hartseer stem. Bewuswording van swangerskap.	Emosies van pas. Hartseer en terneergedrukte stemtoon. Terugflits van trauma - verkragting. Projekteer onderdrukte aggressie teen oortreder (hoëpriester) na Christelike kerk. Verwarring by ritueel. Swangerskap bewuswording.

<p>82.</p>	<p>En ek het geweet dat ek geweet het, (<i>In 'n ernstige, selfversekerde stemtoon</i>) sou ek enige iemand anders sê in die beweging dat ek swanger was, that they would sacrifice the child (<i>sagter, fluisterend</i>) Want ek het geweet, in in my kennis – dit wat ek al gesien het – dit is wat gebeur.</p>	<p>A) of B) ?? A) Die swangerskap het interne konflik veroorsaak, want sy was op grond van vorige waarnemings en kennis oortuig daarvan dat indien sy aan enige iemand in die beweging sou noem dat sy swanger was, hulle haar kind sou offer. B) Haar swangerskap het interne konflik en vrees vir verlies veroorsaak. Sy kon met niemand deel dat sy swanger was nie (trust/agterdog). Sy het gevrees en was oortuig dat haar kind geoffer sou word indien sy aan enigiemand in die beweging sou noem dat sy swanger was. Haar vrees en oortuiging was gebaseer op haar vorige waarnemings en kennis.</p>	<p>Interne konflik ontlok deur swangerskap. Vrees gebaseer op vorige waarneming en kennis van die offer van lede wat swanger word se kinders. Satanistiese sel sou kind offer. Swangerskap ontlok interne konflik en vrees vir verlies. Geen vertrouelinge gehad, geïsoleerd. Vrees en agterdog Gepreokkupeerde gedagtes oor verlies van kind.</p>	<p>Interne konflik Swangerskap Vrees vir verlies gebaseer op ervaringsleer en herinneringe. Satanistiese sellede offer kinders van swanger lede. Seksuele en kindermishandeling Isolasie Wêreld is onveilig Vervolgingsvrees. Gepreokkupeerde gedagtes oor verlies.</p>
<p>83.</p>	<p>En ek was nie bereid om dit te doen nie, ek was nie bereid om dit te doen nie(sagte ernstige stem).</p>	<p>Die deelnemer was persoonlik nie bereid om haar kind te offer of toe te laat dat die beweging haar kind offer nie.</p>	<p>Karien wou kind beskerm teen haarself en die Satanistiese beweging.</p>	<p>Skuld Morele insig of waardes. Behoeftes om goeie beskermende moeder te wees. Wil veilige omgewing skep en kind beskerm teen self en Satanistiese beweging.</p>
<p>84.</p>	<p>Want Ek kan nie vir iemand verduidelik watse gevoel binne jou is van, there is a life, living within you nie.</p>	<p>a) Sy was nie bereid om haar kind te verloor, te offer of te laat offer deur die beweging nie, want die gevoel dat daar 'n lewe is wat in haar leef, was vir haar onbeskryflik. b) Sy het 'n pre-verbale gevoel gehad dat daar 'n lewe is wat in haar leef en sy was nie bereid om dit te verloor nie.</p>	<p>Wou nie kind verloor of verlies ervaar nie. Karien wou kind nie mishandel of geweld laat ervaar nie. Simbiotiese verhouding projekteer gevoelens van onveiligheid en behoefte aan sekuriteit in kind. Kind simboliseer lewe en is 'n</p>	<p>Karien beskerm self en kind teen geweld en verlies. Kindermishandeling Rituele moord, geweld. Good enough mothering. (behoefte aan/geprojekteer) Projeksie van onveilige gevoelens Simbiotiese verhouding tussen moeder en kind.</p>

		c)Sy was nie bereid om die lewe in haar te offer en prys te gee nie.	pre-verbale gevoel.	Konkrete denke, kind is lewe in haar.
85.	Dit is hoekom ek net gevlug het...	Jolandie verduidelik dat die feit dat sy 'n onbeskryflike gevoel gehad het (van 'n lewe wat in haar leef) wat sy nie kon of wou verloor nie haar laat vlug het. Sy het gevlug, want sy kon hierdie lewe (kind) in haar nie verloor, offer of laat offer deur die beweging nie.	Jolandie verduidelik: konkrete bewys (kind wat in haar leef) kon sy nie verloor nie. Vrees vir verlies van kind veroorsaak ontvlugting. Vlug gegrond op vrees van verlies van lewe in haar en realiteit van kindermishandeling en rituele moord van kinders.	Konkrete denke. Kind is lewe. Vrees verlies van kind en lewe in haar Vrees gee aanleiding tot ontvlugting. Vrees gegrond op realiteit van kindermishandeling en rituele moord van kinders. Skuldgevoelens.
86.	R: Jy sê daar was confusion gewees toe die kerk daar opdaag, um, kan jy net vir my verduidelik wat jy daarmee bedoel?	Die navorser is onduidelik oor wat die deelnemer bedoel met verwarring toe die kerk daar opdaag en hy vra haar om te verduidelik wat sy daarmee bedoel.	Navorser vra duidelikheid oor verwarring toe kerk by ritueel opdaag.	Vra beskrywing van verwarring Akkuraatheid van data Verwarring a.g.v. kerk by ritueel.
87.	Was dit net deurmekaar omdat die mense daar aangekom het of...?	Hy vra of dit slegs deurmekaar was aangesien daar onbekende mense by die ritueel opgedaag het.	Struktuur. Vra of daar 'n algemene deurmekaarheid was a.g.v. onbekende mense by ritueel.	Navorser struktureer onderhoud. Navorser vra of verwarring na deurmekaarheid verwys as gevolg van vreemde persone.
88.	Jolandie: (<i>Val in rede effens sarkasties</i>) Hulle was unprepared, hulle was!	Sy ontwyk die vraag en noem dat die kerk onvoorbereid was. Sarkasme word as primitiewe verdedigingsmeganisme gebruik. Moontlike projeksie van aggressie of eie onvoorbereidheid of aggressie	Ontwyk vraag. Kerk is onvoorbereid. Projekteer eie magtelose gevoelens en aggressie. Sarkasme	Verdedigingsmeganismes. Ontkenning Sarkasme Projeksie Onderdrukking Gevoelens Magteloos en aggressie
89.	Hulle het gedink dat God is in beheer en hulle dink hulle weet net mooi alles.	Sy noem dat die kerk gedink het God is in beheer en dat die kerk ook gedink het hulle weet alles.	Kerk dink God is in beheer en hulle dink hulle is alwetend. Projeksie van eie "omnipotent fantasy" in die kerk. Idealisering van kerk om aggressie teen	Projekteer eie omnipotent fantasy in kerk. Idealiseer kerk onderdruk aggressie teen God en kerk

			kerk as oorsaak van verkragting te onderdruk.	Blameer kerk vir verkragting.
90.	Hulle weet alles wat in die Bybel staan, en, (laggend) hulle net mooi alles wat om te doen, en in actual fact, hulle het nie geweet wat om te doen nie (<i>amper moedeloos</i>).	Sarkasme steeds as verdediging. Effens ambivalent oor die kerk, aan die een kant noem (wens) sy die kerk het gedink hulle weet alles oor wat in die Bybel staan en wat om te doen. Aan die ander kant is sy moedeloos, want die kerk het nie geweet wat hulle doen nie.	Sarkasme Verdedigingsmeganismes. Ambivalensie oor kerk Moes alwetend gewees het, en moes korrek optree. Moedeloos, aggressief want kerk was nie almagtig alwetend nie. Kenniss dra van Bybel. Die projeksie keer terug na haarself en sy besef die moedeloosheid van die situasie dat die kerk nie geweet het wat om te doen nie.	Verdedigingsmeganisme Sarkasme Ambivalensie/splitsing Omnipotent fantasy Oedipus-konflikte - reg en verkeerd. Moedeloosheid Aggressie Alwetendheid Almagtigheid. Kenniss dra van Bybel. Kerk was onkundig.
91.	Hulle het ingestap op 'n ritueel en hulle het nie geweet wat om te doen nie.	Sy herhaal dat die kerk ingestap het op die ritueel en nie geweet het wat om te doen nie.	Projekteer weer aggressie op kerk. Kerk het ingestap en nie geweet wat hulle doen nie.	Kerk was onkundig. Dit maak inbreuk op haar grense (ingestap) Projeksie van aggressie Frustrasie
92.	Hulle het begin bid, dit was 'n NG kerk gewees, O.k, hulle het gedink hulle weet net presies wat om te doen, hulle het gedink dat God is in beheer en en God gaan hulle wys wat om te doen en,... hulle weet presies wat om te doen.	'n NG Kerk het begin bid. Sy keer terug na haar wens/frustrasie/besef/ ambivalensie oor die kerk se teenwoordigheid. Die kerk het gedink: - hulle weet presies wat om te doen 2X, - God is in beheer - God gaan hulle wys wat om te doen Sy onderdruk haar eie frustrasie en aggressie teen die kerk deur die kerk en God te idealiseer.	Tradisionele nie- Charismatiese kerk het gebid. Dink namens kerk. Projeksie van aggressie, frustrasie met kerk se onkunde. God is in beheer God gaan leiding gee om korrek op te tree.	Tradisionele nie-Charismatiese kerk Gebed Geestelike intervensie. Onderdruk aggressie en frustrasie met onkunde. Kerk nie almagtig of alwetend. Ontken Goddelike leiding. Twyfel Idealiseer God en die kerk en sy mense.
93.	Hulle het ingestap en hulle het nie geweet wat hulle doen nie, hulle het nie (<i>beklemtonend</i>)!	Die kerk het ingestap en hulle het volgens haar nie geweet wat hulle doen nie. Sy het nodig om vir	Kerk het ingestap Jolandie is oortuig kerk was onkundig en het ontoepaslik	Insig Jolandie oortuig kerk was onkundig en het ontoepaslik

		haarself beklemtoon dat die kerk nie geweet het wat hulle doen nie.	opgetree. Kerk was nie alwetend nie.	opgetree.
94.	Hulle het ingestap en almal het begin bid, deurmekaar , daar was nie eenheid nie, en...een ding wat hulle wel gebid het was vir confusion.	Die kerk het ingestap op die ritueel en begin bid vir verwarring. Daar was nie eenheid in die kerk nie en hulle het deurmekaar gebid.	Kerk stap in op ritueel en bid vir verwarring. Nie eenheid in die kerk. Gebed deurmekaar.	Kerk stap in. Gebed vir verwarring. Verwarring word toegeskryf aan 'n geestelike intervensie. Verdeeldheid Nie eenheid en harmonie in gebed.
95.	Dit het nie confu, n-nie net confusion gebring in, in die vyand se kant nie, maar dit het confusion gebring in hulle eie kamp want hulle het nie rêrig geweet waarmee hulle deal nie.	Die gebede van die kerk het nie net verwarring gebring in die vyand (Sataniste) se kant nie maar ook verwarring in hul eie kamp aangesien die kerk nie regtig geweet het wat hulle te doen het nie. Oorlogvoerende taal word gebruik om 'n geveg tussen twee kampe uit te lig - aan die een kant die Christene en die ander vyandige kamp die Sataniste. Die oorlog word gevoer met gebed en dit bring verwarring in beide kampe.	Verwarring in beide kampe. Kerk was onkundig en onkant gevang. Oorlogvoerende taal Geveg tussen twee kampe Satanisme en Christenskap. Gebed bring verwarring	Verwarring as gevolg van gebed. Geestelike oorlogvoering Splitsing van goed en sleg Wêreldsiening konflik. Satanisme en Christenskap. Projekteer onkunde en onvoorbereidheid op kerk. Magtelose gevoelens.
96.	R: O.k maar, het die gebed enigsins die ritueel verander, met ander woorde....	Die navorser vra of die gebed 'n verandering in die ritueel veroorsaak het.	Navorser vra of gebed ritueel verander het.	Vraag t.o.v. geestelike ryk Gebed as oorsaak van verwarring van ritueel word bevraagteken.
97.	Jolandie: (<i>Val in rede</i>) Nee dit het nie, want dit was 'n ritueel van orgies en en dit was 'n sexual ritual gewees so ja dit het, dit het confusion gebring van, want gewoonlik by 'n, by 'n orgie is daar een spesifieke persoon wat gemerk is vir daai daai ritueel.	Jolandie lig uit dat die gebed nie die ritueel verander het nie, want dit was 'n ritueel van orgies, 'n seksuele ritueel. Jolandie noem ook dat die gebed wel die ritueel verander het, want dit het verwarring gebring veral wat betref die persoon wat gemerk is vir daai ritueel.	Jolandie noem dat gebed nie die ritueel verander het nie aangesien dit 'n uitreageringsritueel was van seksuele drange en behoeftes. Sy skryf wel verwarring toe aan gebed en spesifiseer dat die gebed verwarring gebring het veral t.o.v. die uitgesoekte	Jolandie onderskei tussen geestelike realiteit en menslike realiteit. Gebed het nie invloed op 'n ritueel waar seksuele drange en behoeftes uitgeleef word nie. Jolandie noem dat gebed verwarring bring. Geestelike realiteit.

			persoon vir die ritueel.	Gebed het orde en struktuur verander. Verwarring word veroorsaak deur gebed t.o.v. uitverkore persoon.
98.	<i>(Maak keel skoon)</i> En toe hulle begin bid en sê confusion toe's daar nie meer een persoon wat bedoel is vir daai ritueel nie maar almal.	Die gevolg van die gebed was verwarring en daar was toe nie meer net een persoon bedoel vir die ritueel nie maar almal. Al die mense het potensiële slagoffers geword van die seksuele ritueel as gevolg van die gebed wat verwarring gebring het en die normale orde van seksuele rituele versteur het.	Verwarring nie uitgesoekte persoon maar alle Satanistiese sellede. Slagoffers van ritueel en seksuele mishandeling en geweld. Gebed bring verwarring en veroorsaak versteuring van normale orde van seksuele rituele	Gebed bring verwarring Geen struktuur as gevolg van gebed = verwarring en chaos. Seksuele geweld en rituele mishandeling nie georden nie. Onderdruk aggressie en woede teen kerk. Projekteer aggressie en gevoelens van misbruik in die ideale objek Kerk/God.
99.	Mense het mekaar begin slaan en mense het, die orgie het heeltemal, die hele ritueel het net uit uitmekaar begin spat.	Daar was fisieke geweld onder die mense en die orgie en die ritueel het uitmekaar gespat. Die verwarring wat deur die gebed veroorsaak is, het die mense (Satanistiese sel) gewelddadig en aggressief teenoor mekaar laat optree en die ritueel en orgie in chaos laat ontaard.	Fisieke geweld Seksorgies Ineenstorting van ritueel en rituele orde a.g.v. gebed. Projekteer aggressie en haat in kerk wat gebid het. Gebed bring verwarring.	Geestelike ryk Gebed veroorsaak verwarring, chaos en geweld onder lede Terugkeer van die slegte objek en uitreagering van slegte objek. Projeksie, onderdrukking van aggressie, haat, woede in kerk. Rasionaliseer verkragting
100.	En die High Priest, die High Priest, wel hy was nie 'n High Priest nie (lag smalend) hy was 'n maggot gewees, e num, hy het heeltemal uit beheer uit gesprong en en nie eers geweet wat wat hy doen nie en ja.	Vir Jolandie was die hoëpriester nie 'n hoëpriester nie maar 'n maggot omdat hy heeltemal uit beheer uit gesprong het en nie geweet het wat hy doen nie.	Jolandie verkleineer die outoriteitsfiguur. Vergelyk hom met 'n wurm aangesien hy as gevolg van die gebed beheer verloor het en nie geweet het wat hy doen nie. Projekteer magteloosheid, minderwaardigheid in outoriteitsfiguur wat nie goed genoeg/ veilige omgewing kon skep nie.	Afbreek van outoriteitsfiguur. Abstrakte denke beeldspraak en vergelyking. Projekteer magteloosheid En behoefte aan veiligheid en liefde in outoriteitsfiguur. Oedipus-konflik (Vader het my nie beskerm nie) Good enough parenting afwesig

101.	Waarneming: (Volgens die terapeut en haar sê sy dat hy 'n maggot was omdat 'n High Priest nie veronderstel is om beheer te verloor oor 'n ritueel nie.	Die hoëpriester is veronderstel om nie beheer te verloor oor 'n ritueel nie.	Hoëpriester veronderstel om beheer te hou oor ritueel.	Idealiseer hoëpriester Hiërargiese orde Outoriteitsfiguur almagtig tydens simboliese denke. ritueel.
102.	Die High Priest sou nadat so iets gebeur het die aansien van die groep verloor het en gesien gewees het as “weak”)	Indien die hoëpriester soos in hierdie geval beheer verloor oor 'n ritueel verloor hy sy aansien en gesag in die groep en word gesien as 'n swakkeling.	Verloor van beheer is eweredig aan afname van gesag onder lede. Verloor aansien en gesag as geestelike swakheid sigbaar is. Gebrek aan beheer en orde tydens ritueel word gesien as geestelike en persoonlike swakheid.	Sterk leierskap benodig. Gebrek aan gesag, orde en beheer tydens ritueel Verloor aansien Geestelike swakheid Gebrek aan beheer en orde tydens ritueel = geestelike en persoonlike swakheid.
103.	T: So die gebed het wel 'n invloed gehad.	Die terapeut verstaan dat Jolandie tot dusver verduidelik het dat die gebed wel 'n invloed gehad het.	Die terapeut verstaan. dat gebed wel vir Jolandie invloed gehad het.	Steuringsveranderlike. Gebed het vir Jolandie invloed gehad.
104.	Jolandie: Die gebed het wel 'n invloed gehad maar nie wat hulle bedoel om met dit te hê nie.	Jolandie verduidelik dat die terapeut reg verstaan: die gebed het wel 'n invloed gehad, maar sy noem dat dit nie die geantisipeerde invloed gehad het nie.	Beaam dat terapeut reg verstaan het. Gebed het invloed gehad, maar nie geantisipeerde	Gebed het invloed Onderdruk aggressie oor verkragting Gebed het nie geantisipeerde invloed gehad nie. Dubbel boodskap.
105.	T: So die invloed wat hulle beplan het het nie gebeur nie, maar die gebed het, het wel krag gehad?	Die terapeut is steeds onduidelik, hy herhaal wat sy in sin 104 noem en vra of die gebed krag gehad het.	Terapeut steeds onduidelik. Herhaal vraag Vra of gebed krag gehad het.	Steuringsveranderlike. Herhaling van vrae. Gebed het krag gehad.
106.	Jolandie: Dit het. Ó ja dit het (<i>baie beamend en oortuigend</i>) want die High Priest het beheer verloor!	Jolandie beaam oortuigend dat die gebed wel krag gehad het aangesien die Hoëpriester beheer verloor het. I	Jolandie is oortuigend en skryf die hoëpriester se verloor van beheer toe aan die krag van gebed.	Jolandie oortuigend Verlies van beheer toegeskryf aan krag van gebed. Geestelike ryk beïnvloed natuurlike ryk.
107.	T: En die ritueel het nie gegaan soos wat dit beplan was nie.	Die terapeut voeg by dat die ritueel ook nie verloop het soos dit beplan was nie.	Terapeut voeg by dat ritueel sy beplande orde en struktuur verloor het.	Terapeut brei uit. Gebed het krag. Outoriteitsfiguur verloor

				<p>beheer. Ritueel verloor orde en struktuur.</p>
108.	<p>Jolandie: Dit was nie bepla, dit was nie, dit het nie gegaan volgens wat dit beplan was nie.</p>	<p>Jolandie is effens onkant gevang deur die vraag, stotter effens en beaam dat die ritueel nie volgens die beplanning verloop het nie.</p>	<p>Jolandie angstig / onkant gevang. Stotter, beaam ritueel nie verloop soos beplan.</p>	<p>Angs oor outoriteitsfiguur se vraag liefde gaan my vernietig? Angstig Herhaal dat ritueel nie verloop soos beplan. 99 100</p>
109.	<p>Gewoonlik kom jy by 'n ritueel.</p>	<p>Sy verduidelik wat sy bedoel met stelling 108. Onder normale ritueel-omstandighede daag 'n persoon by die ritueel op.</p>	<p>Spontane uitbreiding. Normaalweg sonder gebed het ritueel struktuur Mense neem deel aan ritueel.</p>	<p>Spontane uitbreiding. Normale omstandighede Rituele struktuur en orde Menslike deelname</p>
110.	<p>Mense begin chant, die klokke lui, jy weet, daar is prinsiepe en alles.</p>	<p>Mense teenwoordig begin "Chant" (sing-praat of dreun-sing), 'n klok lui en daar is prinsiepe. Daar is normaalweg tydens 'n ritueel orde struktuur en prinsiepe wat gevolg word.</p>	<p>Mense sing-praat of dreun-sing. Klok lui Prinsiepe.</p>	<p>Sing-praat 'chant'. Dreun-sing Kok wat lui (ouditiewe en verbale gedrag/aksies) Groepkohesie. Vaderlike struktuur reg/verkeerd.</p>
111.	<p>Soos wat jy, soos wat jy by 'n kerk kom en en die dominee of die pastoor sê vir jou "kom ons bid"... dan bid almal, selfde met die ritueel.</p>	<p>Sy vergelyk die orde, struktuur en prinsiepe van 'n Satanistiese ritueel met 'n kerkbyeenkoms, met die dominee of pastoor as outoriteitsfiguur wat die byeenkoms lei en die lede van die kerk wat inval by sy struktuur en leiding.</p>	<p>Abstrakte denke vergelyking van ritueel met tradisionele kerk en orde. Dominee gelyk aan hoëpriester wat leiding gee.</p>	<p>Godsdienstige orde, tradisie. Abstrakte denke. Kerkbyeenkoms gelyk aan Satanistiese ritueel gestel. Vaderfiguur gee leiding, struktuur Oedipus</p>
112.	<p>T: Elke ritueel het sy orde</p>	<p>Elke ritueel het sy orde</p>	<p>Orde</p>	<p>Rituele orde</p>
113.	<p>Jolandie: Elke ritueel het sy orde (<i>beamend</i>) en dit het nie gebeur daai aand nie, so ja, die gebed het wel krag gedra (elke ritueel verwys na die verskillende tipes rituele, kinder offers, seksuele rituele, selfmoord rituele, inisiasie</p>	<p>Die gebed van die kerk het wel krag gehad vir Jolandie daardie aand, aangesien dit die orde waarin die ritueel moes plaasvind, versteur het. Seksuele rituele, Kinderoffer-rituele, selfmoordrituele, inisiasierituele het elkeen 'n</p>	<p>Gebed van kerk het krag, want orde is versteur.</p>	<p>Struktuur versteur. Gebed het krag gehad, want orde van ritueel is versteur. Rituele orde Seksuele rituele Kinderoffer-rituele Selfmoordrituele Inisiasie ituele</p>

	rituele ens.)	bepaalde orde.		
114.	R: Het die feit dat die kerk daar opgedaag het, en dat die gebed krag gedra het, enigsins iets te doen met die feit dat jy besluit het of begin wonder het of jy uit satanisme uit wil beweeg.	Die navorser vra of die opdaag van die kerk en die krag van gebed 'n invloed gehad het op Jolandie se besluit of gedagtes om uit Satanisme uit te beweeg.	Navorser bring Jolandie terug na die navorsingsonderwerp	Getrouheid aan navorsingsvraag. Jolandie Afleibaarheid
115.	Jolandie: Nee...nee nie daai aand nie, nee (<i>huiwerig en onseker</i>)	Jolandie is huiwerig en onseker oor of die opdaag van die kerk en die krag van die gebed daardie aand 'n invloed gehad het op haar gedagtes en besluit om uit Satanisme uit te beweeg. Die krag van gebed en opdaag van die kerk op daardie spesifieke aand het nie 'n bydrae gelewer tot haar besluit en gedagtes om uit Satanisme uit te kom nie. Dit is moontlik dat dit wel op ander tye of in ander situasies 'n invloed gehad het, want Jolandie is huiwerig en onseker.	Onseker oor of die kerk en die krag van gebed op daardie spesifieke aand 'n snellerinsident was vir oorskakeling. Huiwerigheid en onsekerheid hou moontlikheid dat kerk en krag van gebed snellerinsident is.	Spesifieke ervaring van kerk en krag van gebed is nie 'n snellerinsident. Ontkenning. Huiwerigheid onsekerheid hou Kerk en krag van gebed oop as moontlike snellerinsident vir oorskakeling by Jolandie.
116.	R: Nie daai aand nie, nee?	Die navorser is bewus van haar onsekerheid en herhaal haar woorde aan haar: Nie daai aand nie, nee?	Navorser toets data	Getrouheid van data. Nie-leidende vraag.
117.	Jolandie: Daai, daai dag het nie vir my enige signifisance gehad nie, maar die dag toe ek begin, um, frankly, plainweg, (<i>sug</i>), ek het 'n period geskip en ...	Jolandie noem dat die dag wat die kerk daar opgedaag het en die krag van die gebed nie enige betekenis vir haar gehad het ten opsigte van haar besluit om uit Satanisme uit te kom nie. Die feit dat sy een maand nie gemenstrueer het nie, het vir haar betekenis gehad en 'n invloed gehad op haar besluit.	Die krag van gebed en kerk is nie snellerinsident vir oorskakeling nie. Oorslaan van menstruasie siklus/swangerskap beïnvloed besluit.	Ontken dat bepaalde dag en trauma 'n snellerinsident is. Ontken krag van gebed en kerk as snellerinsidente vir oorskakeling. Swangerskap en oorslaan van menstruasiesiklus is snellerinsident vir oorskakeling.

118.	Kyk iets wat ek baie al in my lewe gehad het, omdat daar soveel sexual abuse was en alles, het ek baie, (<i>diep asem</i>), baie sexual, baie um periods gemis en alles, ma, iets het my net gesê iets is fout.	Jolandie noem dat sy lewenslank seksueel mishandel was en daarom gereeld maandstondes oorgeslaan het en dat sy op grond van hierdie lewenslange kennis kon onderskei tussen 'n gewone oorslaan van menstruasie en swangerskap. Iets het vir Jolandie gesê dat hierdie nie 'n gewone oorslaan van menstruasie is nie en dat iets fout is.	Lewenslange seksuele mishandeling Bekend met oorslaan van maandstondes. Insig t.o.v. verskil tussen oorslaan van maandstonde en swangerskap. Fyn aanvoeling of bewuswording dat sy swanger is.	Geskiedenis van trauma en lewenslange seksuele mishandeling Ervaringsleer. Oorslaan van maandstondes is bekende ervaring. Insig en onderskeid tussen swangerskap en oorslaan van maandstonde. Fyn aanvoeling en bewuswording van swangerskap.
119.	En toe ek...Daai spesifieke ritueel het nie vir my significance gehad nie, nie tot die dag wat ek uitgevind het, "jissie, ek is swanger".	Sy ontken haar stelling in sin 117- dat die gebeure tydens daardie ritueel geen betekenis gehad het nie, en noem dat die ritueel betekenis gekry het toe sy tot die besef kom dat sy swanger is.	Selfkorrigering Traumatiese ervaring van verkragting en swangerskap tydens ritueel is snellerinsident.	Selfkorrigering. Traumatiese ervaring Kry betekenis toe die gebeure gevolge het. Impak van aand het betekenis gehad.
120.	En dit het vir my significance gehad.	Die aand en die gebeure het betekenis gekry aangesien sy besef het sy is swanger. Die ritueel het betekenis want, omdat die kerk daar opgedaag het, hulle gebed verwarring gebring het, en die hoëpriester beheer verloor het, is sy verkrag en het sy swanger geword. Sy sou nie verkrag geword het of swanger geword het as die kerk nie daar opgedaag het en as hulle gebed nie verwarring gebring het nie.	Besef van swangerskap Verkragting en swangerskap is betekenisvolle snellerinsidente. Opdaag van kerk bring verwarring Verkragting lei tot swangerskap, dra by tot besluit om uit Satanisme te gaan	Swangerskap is snellerinsident Opdaag van kerk en krag van gebed is snellerinsident Gepaardgaande verwarring en chaos is indirekte snellerinsident.
121.	Dit het my laat wonder.	Haar swangerskap het haar laat wonder.	Swangerskap is snellerinsident, gee aanleiding tot eksistensiële vrae.	Swangerskap snellerinsident Eksistensiële vrae
122.	Want dit is die eerste keer wat	Vir Jolandie was haar swangerskap	Swangerskap is eerste	Swangerskap as

	ek begin wonder het want, sou hulle uitvind, dat ek swanger is, sou die kind gesacrifice word.	die eerste snellerinsident wat haar laat wonder het oor haar betrokkenheid in Satanisme, want sou die beweging uitvind dat sy swanger is, sou hulle die kind offer.	snellerinsident aangesien dit bydra tot eksistensiële vroe Vrees en agterdog gegrond op kennis en ervaringsleer. Verlies van kind.	snellerinsident Eksistensiële vroe speel rol Vrees en agterdog gegrond op kennis, ervaring. Geantisipeerde vrees vir verlies van kind is snellerinsident.
123.	Sou hulle nie uitvind nie, gan daar niks gebeur nie.	Sou die beweging nie uitvind dat sy swanger is nie, sou daar niks met die kind gebeur nie. Jolandie is dus in interne konflik gedompel as gevolg van haar swangerskap. Sou sy in die beweging bly, sou hulle uitvind sy's swanger en gevolglik sou die kind geoffer word. Sou sy uit die beweging gaan, sou die beweging nie uitvind sy is swanger nie en sou daar niks met haar kind gebeur nie.	Kind is veilig as Satanistiese beweging nie weet van swangerskap nie. Beskerming Liefde vir kind dryf tot soeke na uitkoms uit beweging. Leuens Ontvlugting, skep van veilige omgewing.	Satanistiese beweging word geassosieer met. fisieke kindermishandeling – rituele kindermoord en mishandeling Emosionele mishandeling, ook van sellede se kinders Liefde vir kind dryf tot verpligte ontvlugting van beweging. Hulle haat, aggressie, sal my objek vernietig. Ontvlugting skep veilige omgewing.
124.	Dit is wat my maak dink het... <i>(stilte 2 sek -Sy steek 'n sigaret aan, en rook net met haar linker hand).</i>	Hierdie interne konflik en moontlike verlies van haar kind het haar laat dink. Die herinneringe en gedagtes ontlok gevoelens wat sy hanteer deur 'n sigaret aan te steek.	Interne konflik tussen liefde en verlies lei tot eksistensiële vroe. Hartseer gevoelens word deur herinneringe ontlok. Hanteringsmeganisme van trauma nikotien.	Nikotienafhanklikheid is hanteringsmeganisme vir trauma vir Jolandie Interne konflik Vrees dat aggressie en liefde objek sal vernietig. Vrees vir verlies Traumatiese herinneringe Hartseer.
125.	R: Is daar nog iets wat jy dink ek moet verstaan rondom dit wat jy reeds genoem het? Jy't gesê daar's 'n paar redes, so daar's basies die...	Die navorser vra Jolandie of daar enige iets is wat sy wil byvoeg of duideliker maak by dit wat sy reeds genoem het. Hy begin aan haar noem dat sy basies 'n paar redes sover genoem het, sy val hom in die rede. (daar is weerstand om	Navorsers vra of Jolandie wil uitbrei. Herhaling van reeds genoemde snellerinsidente en traumatiese ervarings is traumaties. Weerstand, onderdrukking.	Reinheid van data verseker. Herroeping van genoemde snellerinsidente ontlok angs en Jolandie bied weerstand. Onderhoud ontlok trauma. Weerstand Onderdrukking

		weer herinner te word aan die gebeure wat sy reeds genoem het.)		
126.	Jolandie: (<i>Sy val in rede</i>) Weet jy...(4sek stilte)	Sy val die navorser in die rede en vind dit moeilik om woorde te vind vir wat sy wil sê.	Onderbreking en angs.	Onderbreek onderhoud. Skep afstand tussen self en vraag. Angs veroorsaak onvermoë om haarself verbaal uit te druk
127.	R: Jy't gesê daar's ander redes ook.	Die navorser bring haar terug na die navorsingsvraag toe en vra uit oor die feit dat sy gesê het daar is ander redes buiten haar swangerskap en die ritueel wat sy tot dusver genoem het.	Navorsing getrou aan navorsingsvraag. Navorser vra uit oor ander snellerinsidente buiten swangerskap en ritueel	Onderhoud getrou aan navorsingsvraag. Navorser vra uit oor ander snellerinsidente. Swangerskap is snellerinsident Ritueel waar gebed chaos gebring het. Seksuele verkragting en bewuswording van swangerskap is snellerinsident.
128.	Jolandie/ Nadia: Daar was ander redes.	Sy bevestig dat die navorser akkuraat is in sy vraag en noem dat daar was wel ander snellerinsidente.	Navorser luister empaties. Jolandie noem daar is ander snellerinsidente buiten 127	Empatiese luistervaardighede. Jolandie noem daar is ander redes ook.
129.	Daar was redes soos, in elke, in elke movement het jy mense wat, jy't mense wat. Kyk jy's of 'n jy's of 'n servant of 'n witch of 'n warlock (<i>manklike heks</i>), jy't of 'n posisie of jy's net 'n servant...	Sy verduidelik dat daar in elke beweging 'n bepaalde hiërargie is en dat elke lid van die Sataniese beweging 'n bepaalde rol het. Die lid is of 'n dienaar (servant), 'n vroulike heks (witch) of 'n manlike heks/heksemeester (warlock). Die persoon het óf 'n posisie van gesag en outoriteit óf hy is net 'n dienaar wat hiërargies in die laagste posisie is.	Groepsrol binne die Satanistiese beweging Hiërargiese orde. Rolle van dienaar. Vroulike heks Manlike heks	Groepsrolle Hiërargiese orde van rolle en funksies. Geslagspesifieke-rolle Identiteit of funksie Denaar Manlike heks Vroulike heks. Heksemeester. Posisie van gesag outoriteit of 'n dienaar
130.	En da was baie abuse en en	Daar was baie mishandeling en	Misbruik .	Misbruik

	sexual abuse, physical abuse, mental abuse en... baie keer het ek by'n ritueel gestaan - kyk ek het 'n hoë posisie gehad- en ek het baie keer daardie posisie uitgevoer teenoor die mense onder my.	misbruik in die beweging. Daar was seksuele mishandeling /misbruik Daar was fisieke mishandeling Daar was geestelike/verstandelike mishandeling Daar was rituele mishandeling Karien noem dat sy 'n hoë hiërargiese posisie in die beweging gehad het en sy het baie keer haar gesag en posisie uitgevoer teenoor die mense wat onder haar of laer in die hiërargiese orde was	Alle vorms van mishandeling - seksueel - fisiek - geestelik SRA verstandelike emosionele - rituele mishandeling Karien was outoriteitsfiguur met hoë gesagsposisie. Voer gesag uit teen persone in laer gesagsposisie.	Seksuele mishandeling Geestelike mishandeling Fisieke mishandeling Rituele mishandeling Emosionele mishandeling SRA en verstandelike mishandeling (mind control) Karien neem rol van outoriteitsfiguur aan. Voer gesag uit teenoor ander met laer gesag.
131.	En ek het baie keer gewonder dat, sou ek nie daai posies gehad het nie en ek was in sy skoene gewees, die servant se posisie, wat sou met my gebeur her?	Sy het soms gewonder oor die morele aspek van haar opdragte. Sy het skuldig gevoel oor wat sy aan ander lede onder haar gedoen het of beveel het om te doen. Karien het baie maal geïdentifiseer met die dienaar se posisie en gewonder oor wat met haar sou gebeur indien sy nie daardie gesagsposisie beklee het nie, of as sy die posisie van die dienaar beklee het.	Morele verdedigingsmeganisme Superego. Bevraagteken morele aspek van haar gedrag. Skuldgevoelens oor dominansie en misbruik van gesagsposisie.	Morele verdedigingsmeganisme. (moral defense) superego. Skuldgevoelens Morele aspekte van gedrag word bevraagteken (introspeksie) Dominansie en misbruik van gesagsposisie. Verbeelding oor ander rolle.
132.	En ek het baie keer gewonder dat is dit reg?	Karien het 'n morele vraag gevra oor haar eie optrede teenoor ander, wat minder gesag as sy gehad het. Sy het skuldig gevoel en haar die morele goedheid van haar aksies bevraagteken.	Morele vraag oor eie optrede teenoor ander.	Empatie en morele vraag oor persoonlike gedrag (insig) Dominansie ontlok skuldgevoelens. Identifiseer met die mishandelende vader/moeder. Identifiseer empatiseer met mishandelde persoon in laer gesag. Skuldgevoelens en morele vrae is snellerinsident.

133.	Is dit reg vir my om te sê dat jy is die servant, ek is in 'n posisie, jy sal doen wat ek sê en jy sal nou gaan (<i>1 sekonde stilte</i>), en jy sal gejudge word.	Sy het die gesag wat sy gehad het oor die dienaar en haar posisie se geldigheid bevraagteken.	Sy oordeel oor die morele aspekte van haar optrede en gesagsposisie. Is dit reg om gesag te hê en op grond daarvan oor 'n ander persoon, al is hy in laer posisie, 'n oordeel te vel.	<p>Selfoordeel Morele aspekte van gedrag word beoordeel. Insig oor die mishandelende aard van posisie. Oedipus-konflik Superego Identifiseer met slagoffer en bevraagteken outoriteitsfiguur se optrede.</p>
134.	Waarneming: Daar is nog 'n oomblik waarin sy 'n snaakse manierisme gehad het asof sy skrik en sy het weer haar oë toegemaak, 'n effense beweging in haar kop getoon asof sy wakker word en verward rondgekyk, haar oë 'n paar keer vinnig na mekaar geknip, effens angstig gelyk en toe het sy weer ontspanne voorgekom en agter oorgaan sit.	Karien toon soortgelyke maniërisme, waarin sy haar oë toemaak asof sy skrik en haar kop effens beweeg. Karien het voorgekom asof sy ontwaak en haar oë 'n paar keer vinnig geknip. Sy het verward en effens angstig rondgekyk. Nadat Karien hierdie maniërisme getoon het, het sy vir die eerste keer sedert soortgelyke maniërisme waargeneem is weer agteroor gaan sit op haar stoel en ontspanne voorgekom.	Karien toon maniërisme in kop. Oë word toegemaak Verwarring en angstigheid. Sit agteroor. Kyk rond. Toon selfde gedrag as eerste alter.	<p>Disoriëntasie Verwarring Nie-verbale kommunikasie Onderhoud bring alters na vore. Verwardheid en angstigheid. Waarneembare veranderings in gedrag en nie-verbale kommunikasie deur betroubare waarnemer. Minder aggressiewe liggaamshouding en meer ontspanne. Meer as een persoonlikheid</p>
135.	<i>Dit het gelyk asof sy haar self oriënteer in haar omgewing. Sy het die selfde manierismes en stemtoon gehad as die eerste alter wat gepraat het)</i>	Dit het voorgekom asof sy haarself oriënteer in haar omgewing en het weer met die regterhand gerook en dieselfde stemtoon en maniërisme gehad as die tydperk voordat die maniërisme die eerste maal waargeneem is.	Oriëntasie t.o.v. omgewing. Rook met regterhand.	<p>Nadia rook regterhand. Amnesie Nadia rook regterhand. Min handgebare.</p>
136.	Jolandie/Nadia: Báie keer het ek gewonder...Is dit reg wat ek besig is om te doen teenoor ander mense?	Nadia vra 'n morele vraag oor of haar optrede in die beweging teenoor ander mense reg is	Nadia hanteer morele vraag oor Karien se optrede teenoor ander.	<p>Morele vraag word hanteer deur Nadia wat gedrag bevraagteken.</p>
137.	T: As ek reg verstaan jy't gevra het jy die mag om dit te kan	Die terapeut herroep 'n vorige gesprek met haar en vra aan haar	Terapeut herroep vorige gesprek met Nadia, vra of hy	<p>Bevraagteken onipotensie fantasy.</p>

	doen?	of hy haar reg verstaan het toe sy aan hom genoem het dat sy gewonder het of sy die mag het om dit aan ander mense te doen.	reg verstaan het dat sy gewonder het of sy mag het om dit aan ander te doen.	Vraag oor posisie en outoriteit. Insig oor mishandelende gedrag.
138.	Nadia: Het ek die mag om dit te doen (<i>bevestigend, vraend</i>). Het ek die mag om vir iemand te sê jy is niks werd nie.	Sy herhaal die terapeut se vraag bevestigend en werp meer duidelikheid oor haar morele vraag / worsteling. Sy vra of het sy die mag om iemand anders af te kraak en emosioneel te mishandel, deur vir hom/haar te sê dat sy/hy is niks werd nie.	Nadia beaam dat sy gewonder het of sy mag het om dit te doen bloot as gevolg van haar posisie. Emosionele mishandeling Afbreek van selfbeeld Jy's niks werd nie.	Nadia vra morele vraag oor die feit dat sy nou die misbruiker is. Emosionele mishandeling Afbreek van ego en selfbeeld. Verwerping. Terugkeer van geprojekteerde slegte objek. Berou.
139.	Ek het my hele lewe lank, jy verstaan nie (<i>laggie</i>).	Sy voel dat die navorser nie sal verstaan nie, want sy het haar hele lewe lank 'n negatiewe ervaring gehad.	Voel die navorser sal nie verstaan nie.	Bevraagteken navorser se begrip van haar leefwêreld Lewenslange negatiewe ervaring.
140.	EK HET MY HELE- LEWE-LANK –GROOT-GEWORD met 'n stief pa en 'n stief ma ek het hoeveel stief ma's en stief pa's gehad wat vir my gesê het:	Sy herhaal beklemtonend dat sy haar hele lewe lank grootgeword het by 'n stiefpa en stiefma of eerder verskeie stiefpa's en -ma's wat haar emosioneel afbreek het en mishandel het. Sy het slegs frustrasie en mishandeling ervaar in verhouding tot haar primêre objekte.	Beklemtoon lewenslange opvoeding deur verskeie ouers. Gebroke gesin, egskeiding Stiefpa's en –ma's. Mishandeling deur familieledede en stieffamilieledede.	Lewenslange frustrasie en mishandeling deur primêre objekte. Behoefte aan good enough mothering. Onveilige omgewing Gebroke gesin en egskeiding. Stiefouers en primêre ouers wat mishandel
141.	“Jy is niks werd nie, Jy ,jy kán niks reg doen nie!”	Haar stiefma's en -pa's het mishandelende verhoudings met haar gehandhaaf en vir haar gesê dat sy niks werd is nie, en niks reg kan doen nie.	Ouer-kind-verhouding is mishandelend. Emosionele aftakeling. Vloeke uitgespreek deur outoriteitsfiguur. Negatiewe inspraak Voel nie goed genoeg of moeite werd.	Ouer-kind-verhouding mishandelend. Emosionele aftakeling en mishandeling deur outoriteitsfigure. Negatiewe inspraak of vloeke. Voel minderwaardig en nie goed genoeg.
142.	Umm my stief pa het ons, toe hy ons rêrig blootgestel het aan	Nadia verwys na haarself in die derde persoon. Sy noem dat hulle	Verwys na self in derde persoon.	Verwys na self in derde persoon

	die okkulte, was dit vir my, my stiefpa het altyd vir my gesê jy kan niks reg doen nie.	deur die stiefpa blootgestel is aan die okkulte (Satanisme) en vind dit moeilik om oor die geestelike mishandeling te praat. Sy keer terug na die onderwerp van emosionele mishandeling en noem dat haar stiefpa altyd vir haar gesê het sy kan niks reg doen nie.	Generasionele Satanisme blootstelling aan okkulte deur stiefpa. Geestelike mishandeling ontlok traumatiese herinneringe. Emosionele mishandeling meer hanteerbaar vir Nadia en noem dat sy nie iets kon reg doen nie.	Generasionele blootstelling aan Satanisme (bloedlynvloek) Negatiewe vaderbeeld Interne psigiese struktuur sien self as sleg. Geestelike mishandeling en herinneringe word onderdruk Emosionele mishandeling hanteerbaar. Stiefpa noem sy kan niks reg doen nie.
143.	“Jy is ‘n screwup in die lewe, jy, umf Jy kan niks reg doen nie”.	Haar stiefpa het verder vir haar gesê sy is ‘n ‘screwup’ in die lewe	‘Screwup’, ‘n mislukking, ‘n nikswerd in lewe.	Ongewens en nikswerd in lewe. Morele verdediging sien self as sleg
144.	Ek het baie keer gewonder of dit, is dit reg van my?	Nadia verbind haar morele vraag in sin 139 met haar eie ervaring van mishandeling as kind. Haar identifikasie met die dienaar hou verband met haar eie mishandeling en gevolglik het dit haar morele vrae laat vra.	Projeksie van goeie objek Identifiseer met slegte objek in self Identifiseer met eie ervaring van mishandeling	Projekteer goeie objek Identifiseer slegte objek Projektiewe identifikasie met dienaar wat sy mishandel. Behoeftige opwindende objek. Skuldgevoelens lei tot morele vrae.
145.	Ek onthou hoe ek gevoel het toe my stiefpa vir my gesê het jy is niks werd nie, en “Jy sal doen wat ek sê!	Sy herroep haar eie gevoelens toe haar stiefpa haar gedomineer, emosioneel mishandel het en uitgekryt het as ‘n nikswerd as gevolg van sy posisie as ouer.	Traumatiese herinnering en gevoelens van eie mishandeling en dominansie deur outoriteitsfiguur en emosionele mishandeling oortuig Nadia dat posisie nie mag gee om te mishandel nie. Antwoord eie morele vraag.	Insig dat posisie nie mag gee om te mishandel nie. Identifiseer die persoon wat mishandel word. Eie gevoelens, herinneringe keer terug. Mishandeling Dominansie Misbruik van gesag en outoriteit. Mag en almagtigheid word bevraagteken.
146.	Jy sál op jou knieë gaan, en jy sal suig” (<i>senuagtige laggie</i>) jy verstaan wat ek bedoel?	Sy hanteer die intensiteit van die herinnering van haar pa se dominansie en seksuele	Onderdruk intensiteit van herinneringe van mishandeling deur humor.	Onderdrukking Humor Vaderfiguur verneder

		mishandeling deur grappenderwys vir die navorser te vertel dat haar stiefpa haar beveel het om op haar knieë orale seks met hom te hê.	Vaderfiguur misbruik haar seksueel Vernedering en orale seks.	Seksuele misbruik Orale seks. (projekteer eie gevoelens van vernedering in hoëpriester wat gesien word as swakkeling)
147.	O.K. umm toe ek in die posisie was, toe ek dit vir iemand anders gesê het, toe dag ek by myself is dit reg vir my (<i>stuccato agtig</i>) om te sê vir daai persoon:	Sy noem dat toe sy dieselfde gesag en dominante posisie as haar stiefpa gehad het en 'n dienaar, met wie sy identifiseer, beveel het om orale seks met iemand in die beweging te hê bloot omdat sy so sê, het sy gewonder of dit moreel reg is.	Identifiseer met vader wat mishandel. Projektiewe identifikasie met persoon oor wie sy gesag het. Karien word die een wat mishandel, die dominante outoriteitsfiguur (stiefpa) terwyl sy identifiseer met die mishandelde (dienaar). Return of the projected bad object ??/	Identifikasie Splitsing Terugkeer van slegte/ goeie objek. Projektiewe identifikasie Morele vrae Skuldgevoelens. Nadia identifiseer met mishandelende dominante outoriteitsfiguur.
148.	“Ek gee nie om wie jy is nie, jy’s onder my en jy sal doen wat ek sê.	Sy noem dat sy nie omgee wie daar die persoon was nie en daarom moes hy doen wat sy sê. Sy moes afstand skep tussen haarself en die persoon oor wie sy gesag het deur te ontken dat sy omgee.	Depersonalisasie van die persoon, dissosiasie. Ontken eie moraliteit en skuldgevoelens. Die ontkenning van haar empatie met ander het haar in staat gestel om hard en dominerend oor te kom en haar persoonlike gevoelens te onderdruk of te projekteer	Depersonalisasie Dissosiasie Projeksie van interne objekte Splitsing Uitreagering Terugkeer van geprojekteerde objekte Ontkenning van persoonlike gevoelens. Angs Skuldgevoelens Nadia domineer
149.	En toe ek dit vir iemand anders gesê het, het ek gevoel –nie net, die mag en die krag wat ek vir iemand anders gesê het nie, maar ek het ook gevoel soos wat hy voel, terwyl ek dit vir hom sê.	Wanneer Karien die persoon was wat mishandel het, was sy nie net bewus van die mag en krag wat haar eie woorde oor 'n ander persoon gehad het nie (omnipotent fantasy), maar ook het sy gevoel wat die ander persoon voel, terwyl sy dit vir hom sê (projektiewe	Uitreagering van almagtigheidsfantasie. Mag en krag wat verbale woorde oor ander persoon het. Voel wat ander voel terwyl sy mishandel.	Uitreagering van almagtigheidsfantasie Verbale dominansie het mag en krag. Projektiewe identifikasie Ambivalensie misbruiker/mishandelde Terugkeer van onderdrukte

		identifikasie, identifikasie of projeksie??)		gevoelens.
150.	T: So jy't tog pyn ervaar van die ander ouens ook.	Die terapeut vra of sy tog pyn ervaar het van die ander persone vir wie sy mishandel het.	Ervaar pyn van ander persoon wat sy mishandel	Projekteer eie pyn in die persoon. Identifiseer met die misbruiker.
151.	Nadia: Exactly! Ek het tog ervaar wat die ander ou, wat wat die persoon onder my gevoel het.	Sy bevestig dat dit presies is soos die terapeut dit noem, Sy het tog ervaar wat die persoon onder haar gevoel het. (??)	Beaam terapeut se beskrywing. Deel van ervaringe en gevoelens	Simbiose Projeksies, identifikasies en projektiewe identifikasies
152.	En dit was vir my moeilik, dit was.	Dit was vir haar moeilik om te mishandel terwyl sy self gevoel het wat die persoon voel. Interne konflik veroorsaak angs en weerstand in Karien. Moral defense??	Interne konflik, terugkeer van slegte objek en emosies veroorsaak angs. Morele verdediging. Voel wat ander persoon voel.	Word die slegte objek Projekteer goeie objek in persoon wat sy mishandel/misbruik. My aggressie vernietig
153.	Ek het baie keer, ek dink voordat ek uit gekom het, drie jaar, <i>drie jaar</i> van my lewe voordat ek uitgekome het uit die beweging uit, het ek begin voel...there's something more to life (<i>effens ernstig en denkend</i>).	Drie jaar voordat sy uit die beweging uitgekome het, het Karien gevoel dat daar iets meer is aan die lewe.	Eksistensiële vrae oor die doel en betekenis van die lewe is 'n snellerinsident wat drie jaar vantevore haar laat wonder het oor haar betrokkenheid in Satanisme.	Driejaartydperk Vra na doel en betekenis van lewe is snellerinsident wat motiveer om uit Satanisme te gaan. Eksistensiële vrae.
154.	Da Daar is, dáár is soveel mèer aan dié lewe wat ek besig is om te leef en ek verstaan dit nie.	Retrospektief dink sy terug en noem dat sy gevoel het dat daar soveel meer aan die lewe is as dit wat sy besig was om te leef. Ten spyte van die feit dat sy geweet het daar is meer aan die lewe het sy nie verstaan wat dit is nie. Sy het magteloos gevoel want sy was bewus dat daar soveel meer is aan die lewe as die lewe van Satanisme wat sy besig was om te	Meta-perspektief op eie gevoelens wat eksistensiële vrae by haar laat ontstaan het. Gebrek aan begrip van die sin van die lewe. Magtelose gevoelens Bewustheid gehad dat daar meer aan die lewe moet wees as wat Satanisme bied. Gebrek aan insig, begrip oor wat sin aan lewe gee.	Objektiwiteit/meta-perspektief op self Eksistensiële vrae oor die sin van die lewe. Gebrek aan begrip vir sin van die lewe. Satanisme gee nie sin aan lewe nis. Bewustheid dat die lewe sin het buite Satanisme is snellerinsident. Gebrek aan insig/begrip oor wat sin aan lewe gee.

		lei, maar sy het nie verstaan wat die meer aan die lewe is nie.		Eksistensiële vraag lei tot soeke na sin van lewe.
155.	En niemand was bereid om vir my te verduidelik dat, weet jy wat, dit wat jy besig is om te leef, is besig om jou te vernietig nie.	Niemand was bereid om vir haar te verduidelik dat dit wat sy besig is om te leef (die lewe van Satanisme) besig was om haar te vernietig nie.	Gesprek aan begrip en insig oor is van lewe projekteer op ander. Ander het nie vir haar vertel dat Satanisme haar vernietig nie.	Projekteer gebrek aan insig oor is van lewe op ander. Gebrek aan insig oor selfvernietigende gedrag. Behoeftes aan verlosser Behoeftes aan liefde in leiding
156.	Niemand het dit vir my ooit verduidelik nie ek meen.	Niemand het ooit vir haar verduidelik wat die meer aan die lewe is nie.	Niemand het haar in ag geneem of vir haar help sin en betekenis vind nie.	Verwerping. Haar behoefte is te groot, stoot mense af. Niemand het haar gehelp om sin en betekenis te vind in die lewe.
157.	Ek onthou dat ek in die East Rand Mall geloop het, en ummf ummf (<i>lag</i>) ek sal dit nooit vergeet nie.	Sy verduidelik aan die hand van 'n ervaring wat sy bedoel dat niemand ook aan haar verduidelik het dat daar meer is aan die lewe nie. Sy herroep dat sy in 'n winkelsentrum geloop het en dat sy die ervaring nooit sal vergeet nie.	Herroep gebeure om punt te bevestig. Noem dat ervaring in winkelsentrum 'n onvergeetlike herinnering is.	Persoonlike ervaring staaf argumente. Onvergeetlike ervarings in winkelsentrum Nadia sal ervaring nooit vergeet
158.	'n Ou het na my toe gestap en vir my gesê: "Do you know Jesus" en my antwoord vir hom was.	'n Manspersoon het na haar toe gestap en vir haar gevra of sy vir Jesus ken en sy het hom geantwoord.	Manspersoon reik uit en vra of sy Jesus ken. Interaksie met Christenpersoon.	Manlike persoon bemoei met haar. Vra of sy Jesus ken. Interaksie Christen-persoon. Verwerp goeie objek Identifiseer slegte objek.
159.	Weet jy (<i>laggend</i>) ek weet nie maar daar's 'n information desk; hah hah hah en as jy soon toe gaan, is ek seker hulle sal vir jou afkondig en is ek, ek is seker jy sal hom kry Hah, huh (<i>lag</i>) O.K... I never knew (<i>ernstig sag</i>).	Sy het geestig (witty) vir die persoon verduidelik dat daar 'n informasietoonbank is en dat hulle vir hom sal afkondig en dat sy oortuig is daarvan dat hulle Jesus vir hom sal kry. Sy is ernstig en retrospektief noem sy dat sy nooit geweet het nie. (Dis amper 'n reaksieformasie, haar wens dat hulle Jesus vir haar sal vind. Die	Geestigheid Informasietoonbank sal vir persoon afkondig en hulle sal Jesus kry. Retrospektief noem sy dat sy nooit geweet het nie. Onbewuste wens dat Jesus gevind sal word.	Verdedigingsmeganisme van geestigheid. Behoeftes aan verlosser wat Jesus vir haar sal kry word geprojekteer op goeie objek. Leidraad van eie behoefte aan verlosser. Onbewuste behoefte aan 'n verlosser. Jesus Skisoïede vrees behoefte aan

		idealisering van die goeie objek, skisoïede vrees dat my behoefte of liefde te veel is ???)CE wat gebruik maak van projeksie om homself te beskerm		liefde is te veel. Christen-manspersoon is need existing object.
160.	En totdat ek uit die beweging uit gekom het, vandag sit ek partykeer en dink terug aan myself toe ek vir hom dit sê, hy't vir my aangekyk asof ek insane was.	Sy het nooit geweet nie, totdat sy uit die beweging uitgekom het. Die gebeurtenis bly by haar en sy dink soms terug aan die ervaring en die inhoud van haar respons. Sy noem dat die persoon haar in haar gedagtes aangekyk het asof sy van haar kop af is.	Onbewus dat Jesus haar sal vind na sy uit die beweging gekom het. Onvergeetlike herinnering Skuldgevoelens oor response. Nadia neem nie-verbale gedrag waar, noem dat Christen-manspersoon haar aangekyk het asof sy van haar kop af is.	Onbewus dat Jesus haar sal vind. Terugkeer van goeie behoeftige opwindende objek. Onvergeetlike herinneringe. Skuldgevoelens Nadia neem nie-verbale gedrag waar. Oortuig dat sy aangekyk is as iemand wat psigopatologie het.
161.	Hy't vir my gekyk van uhh O.k: "Wie dink jy is jy? "Het jy nooit gehoor van Jesus nie?"	In haar gedagtes het die persoon haar aangekyk asof hy wonder wie sy dink sy is, en of sy nog nooit gehoor het van Jesus nie.	Projeksie van eie badness/vrees in die persoon sodat die skisoïede vrees gehandhaaf kan word. Moral defense)Persepsie was dat ontvanger van projeksie verbaas was. Counter transference. Herhaling van primêre verhouding. Wie dink sy is sy Nie gehoor van Jesus nie.	Projekteer slegte objek Vrees. Persoon verbaas deur onbewuste behoefte aan verlosser Teen oordrag. Skisoïede vrees bly behoue, my behoeftes is te groot Herhaling van primêre verhoudingsdinamiek Interne psigiese struktuur onveranderd.
162.	Ek het dit twee keer vir hom gesê.	Sy noem dat sy twee maal vir die persoon genoem het as hy na die informasietoonbank toe gaan, sal hulle afkondig en hulle sal Jesus vir hom vind. (projeksie van eie behoefte aan 'n verlosser libidonale ego at work)	Onbewuste behoefte twee maal op manlike Christen-persoon geprojekteer.	Libidonale ego projekteer onbewuste behoefte vir verlosser. Projekteer behoefte op Christen-persoon
163.	Ek het so kwaad geraak vir hom, en vir hom gesê	Sy noem dat sy aggressief was teenoor die persoon en hom vir	Aggressie Frustrasie aangesien Christen-	Interne saboteur val libidonale ego aan wat onbewuste

	<i>(sarkasties)</i> daar is 'n information desk gaan na hulle toe, hulle gaan vir jou afkondig.	hom gesê het hy moet na die informasietoonbank gaan, hulle sal vir hom afkondig. Attack of the internal saboteur, op die libidonale ego en die return of the bad object.	manspersoon nie onbewuste behoefte hou nie. Informasietoonbank sal afkondig.	behoefte bekend maak. Aggressie en frustrasie objek nie goed genoeg. Teenoordrag. Depressiewe vrees dat aggressie sal vernietig projekteer op informasietoonbank.
164.	Ek het soos 'n GAT gevoel die dag toe ek Jesus ontmoet het, ek het, want toe dink ek terug aan toe ek vir die ou gesê het, gaan na die information desk, en dit is presies hoe dit was.	Sy noem dat sy skuldig gevoel (Ce ego identifiseer met bad child moral defense)het die dag toe sy wel Jesus ontmoet, want sy het teruggedink aan die insident by die winkelsentrum en sy erken haar eie behoefte op daardie stadium dat iemand Jesus vir haar sal vind - dit is presies hoe dit was. Ce identifiseer met die interne all badness en idealiseer die eksternal all good object	Skuldgevoelens toe sy wel Jesus ontmoet. Onbewuste behoefte aan verlosser word bewus lei tot skuldgevoelens	Skuldgevoelens en morele verdediging. Terugkeer van goeie objek Skuldgevoelens. Sentrale ego identifiseer met die slegte objek (morele verdediging) Eksterne geïdealiseerde objek word geïdealiseer.
165.	T: Rehan net om by haar aan te vul, as dit jou gaan help.	Die terapeut voel hy moet uitbrei op haar verduideliking indien dit die navorser sal help	Terapeut wil uitbrei en verduidelik	Steuring veranderlike Brei uit op Nadia se beskrywing. Terapeut red haar uit emosionele ongemak/skuld?
166.	Dit wat sy gesê het dit wat sy daar gevoel het sal in die beweging gesien word as 'n weakness en daai weakness sal hulle teen haar gebruik.	Die terapeut verwys na sin 149 waar sy genoem het sy het die pyn van ander ervaar, en dit word in die beweging gesien as 'n swakheid om teen haar te gebruik. (vervolgingsangs?)	Om pyn van ander te ervaar, word as 'n swakheid in die Satanistiese beweging gesien. Tekens van swakheid word teen ander gebruik	Satanistiese beweging sien skuld en die ervaring van pyn en gevoel as swakheid. Angs dat libidonale ego bekend sal raak en dan sal behoeftes teen haar gebruik word. Behoeftes is te veel, interne verhouding
167.	Nadia: Yes, Yes O Yes (<i>beamend</i>).	Nadia beaam die terapeut se verduideliking: dat die ervaring van gevoelens en empatie vir 'n ander	Nadia beaam dat ervaring van gevoelens en empatie wat sigbaar is in die beweging	Groepidentifikasie met slegte objek en projekteer vrees vir terugkeer van goeie of

		gesien word as 'n swakheid.	gesien word as swakheid	libidonale objek op enige persoon wat swakheid wys.
168.	R: Sê gou vir my jy't begin en gepraat oor jou pa en die mag wat jy gehad het, en toe't jy gesê: "en toe jy bloot gestel is aan die okkulte en toe gaan jy oor na ander goed.	Die navorser stotter self en probeer haar terugbring na dit wat sy genoem het oor haar verhouding met haar stiefpa en die blootstelling wat hy haar gegee het aan die okkulte.	Navorser ervaar angs en stotter terwyl hy poog om meer inligting te kry oor haar stiefpa wat haar blootgestel het aan okkulte.	Projeksie van angs na navorser Beskrywende data Generasionele Satanisme stiefpa stel bloot aan okkulte.
169.	Kan jy vir my meer daaroor vertel, van toe jy blootgestel is aan die okkulte?	Die navorser vra haar om uit te brei op haar blootstelling aan die okkulte.	Die navorser vra haar om blootstelling aan okkulte uit te brei	Nadia benodig struktuur om uit te brei op blootstelling aan okkulte.
170.	Nadia: Weet jy? Lag	Sy herhaal die woorde weet jy" (miskien het sy hier weer oorgeskakel na 'n ander persoonlikheid toe)	Weet jy	Moontlike oorskakeling na ander persoonlikheid. Weet jy.
171.	R: Jy was besig om te...	Terapeut bring haar terug na haar response toe.	Terapeut bring terug na respons	Terapeut gee struktuur.
172.	<i>(iewers gedurende die gesprek moes sy weer terug geswitch het na Jolandie toe want hier kon ek duidelik waarneem dat sy weer switch terug na Nadia toe)</i>	Die navorser is onseker oor waar sy weer van alters gewissel het, maar dit is vir hom duidelik dat sy wel iewers gedurende die bogenoemde gesprek moes gewissel het.	Verwisseling van persoonlikheid nie waargeneem nie.	Onduidelikheid oor wisseling tussen persoonlikhede. Navorser is oortuig dat Karien iewers oorgeskakel het na 'n ander persoonlikheid.
1129.	T: Mag ek nou weer op my plek gaan sit? (staan op en gaan sit op ander stoel nie meer langs haar nie).	Petrus vra spottenderwys vir Nadia wat dit is en of sy nou al weer moeilik is vanaand. Hy noem ook speels dat hy 'n belt het.	Petrus vra of Nadia al weer moeilik is vanaand.	Petrus bewus dat Nadia moeilik raak. Speelse kommunikasie Noem hy het 'n belt ???
1130.	Petrus: EK is lief vir jou meisie. (Hy vat die pistool baie rustig	Die terapeut neurie self denkend en noem aan Nadia dat sy dit moet	Terapeut neurie Versoek Nadia om vuurwapen	Nadia Verbale kommunikasie en

	<i>en "gentle" by haar</i>	teruggee (pistool)	terug te gee.	direkte versoek om vuurwapen terug te gee.
1131.	Nadia: EK is lief vir jou ook. (<i>hulle kyk drie 3 sek stil vir mekaar terwyl hulle hande vryf waarna Petrus loop</i>)	Nadia antwoord Petrus se vraag in 1129 en noem aan hom dat sy nie moeilik is nie.	Terapeut beskerm Nadia Noem aan Petrus dat sy nie moeilik is nie.	Terapeut beskerm Nadia Nadia nie moeilik nie Terapeut kommunikeer namens Nadia met Petrus
1132.	Nadia: O.K Gaan aan (<i>Sy kyk vir die terapeut</i>).	Die terapeut vra vir Nadia of hy nou weer op sy plek mag gaan sit. Die terapeut staan op en gaan sit op die ander stoel, nie meer langs haar nie.	Terapeut vra vir Nadia of hy op sy plek kan sit	Terapeut bewus dat hy fisiese grense moontlik oortree, beweeg terug na plek.
1133.	T: Gaan jy weer met my kom gesels.	Petrus spreek Nadia aan as meisie en noem dat hy lief is vir haar terwyl hy baie sagkuns en liefdevol die pistool rustig by haar vat.	Troetelnaam meisie Verbale kommunikasie dat Petrus lief is vir Nadia Hy vat empaties die pistool by haar af.	Petrus neem pistool empaties terug Verbale kommunikasie dat Petrus Nadia liefhet Troetelnaam "meisie" Petrus bevestig verhoudingsgrense met Nadia.
1134.	Humm? Sal jy? Sal jy weer met my praat.	Nadia reageer op sy boodskap van liefde en sê vir Petrus dat sy lief is vir hom ook. Petrus en Nadia kyk drie sekondes vir mekaar terwyl hulle hande saggies oor mekaar vryf waarna Petrus loop.	Nadia kommunikeer verbaal dat sy lief is vir Petrus. Drie sekondes stilte Nie-verbale kommunikasie en oogkontak, tasbare sensoriese kommunikasie van liefde.	Verbale kommunikasie van liefde vir Petrus. (behoefte aan intimiteit) Drie sekondes stilte Nie-verbale kommunikasie en oogkontak tasbare sensoriese kommunikasie van liefde. Petrus loop.
1135.	Nadia: Mmmuh. Kom ons gaan aan (<i>Sy kyk vir my</i>)	Nadia draai na die terapeut en kyk vir hom en sê hy kan aangaan	Nadia maak oogkontak met terapeut en kommunikeer verbaal aan die terapeut om aan te gaan.	Nadia het behoefte om gesprek te voltooi. Nadia maak oogkontak Nie-verbale en verbale kommunikasie
1136.	R: Ons was nog besig om te gesels oor redes wat gemaak het dat jy uit satanisme uit na Christenskap toe gegaan het?	Die terapeut tel die gesprek op by sin 1105 en vra vir Nadia of sy weer met hom gaan kom gesels.	Terapeut tel gesprek op by (1105) bevestig vertrouensverhouding	Vertrouensverhouding Gesprek duur voort (1105)
1137.	Jy't 'n paar goed genoem en	Hy neurie en vra dan verbaal of sy	Nie-verbale kommunikasie deur	Tweede herhaling van vraag of

	gesê daar is nog 'n paar redes en toe't daar 'n klomp goed gebeur.	weer met hom sal praat.	terapeut. Verbale kommunikasie deur terapeut Herhaling van vraag 1136	Nadia weer met hom sal gesels Vetrouensverhouding Nie-verbale en verbale kommunikasie deur terapeut.
1138.	Ek weet nie of jy dit wil bespreek of kan noem nie?	Nadia neurie weer iets en sê verbaal: "Kom ons gaan aan (met die onderhoud)" terwyl sy vir die navorser kyk.	Nadia nie-verbale kommunikasie. Nadia verander onderwerp en vra om aan te gaan met onderhoud. Oogkontak	Oogkontak Nie-verbale en verbale kommunikasie Verandering van onderwerp deur Nadia Behoeftte om onderhoud af te handel.
1139.	<i>(Ek was effens onkant gevang en het effens klei getrap.)</i>	Die navorser reageer op haar versoek/uitnodiging om aan te gaan met die onderhoud. Hy noem dat hulle nog besig was om te gesels oor redes wat gemaak het dat sy uit Satanisme uit na Christenskap gegaan het.	Navorser noem dat gesprek gehandel het oor redes waarom sy uit Satanisme na Christenskap gegaan het.	Getrouheid aan navorsingsvraag Ondersoek rede vir oorskakeling uit Satanisme na Christenskap.
1140.	Nadia: Soos wat?	Die navorser noem aan haar dat sy 'n paar goed genoem en gesê het daar is nog 'n paar redes en toe't 'n klomp goed gebeur.	Navorser noem dat sy 'n paar redes genoem het Navorser effens verward Navorser kommunikeer onduidelik ontwykend oor voorafgaande gebeure.	Paar snellerpunte geïdentifiseer Navorser effens verward. Onduidelike kommunikasie by navorser oor voorafgaande gebeure.
1141.	T: Kan ek 'n voorstel maak?	Die navorser noem aan haar dat hy nie weet of sy dit wil bespreek of kan noem nie.	Navorser kommunikeer verbaal sy onsekerheid ten opsigte van Nadia se antwoordwyse.	Navorser Verbale kommunikasie van onsekerheid oor antwoordwyse van Nadia
1142.	Nadia: Muuh (<i>Effens verward</i>)	Die navorser erken dat hy hier effens klei getrap het en effens onkant gevang was met haar skielike direkte kommunikasie met hom.	Navorser verward	Navorser verward Onkant gevang met skielike intrek in gebeure.
1143.	T: Noem net die redes moenie in detail in gaan nie?	Nadia is onduidelik oor die navorser se vraag en vra: "Soos wat?"	Nadia herroep nie dat sy redes genoem het nie	Tydsverlies Onvermoë om reeds genoemde gebeure te herroep.

				Dissosiatiewe amnesie.
1144.	Nadia: Watse redes? Die redes van wat?	Die terapeut kom in en vra of hy 'n voorstel kan maak.	Terapeut red navorser en vra of hy kan voorstel maak.	Terapeut bied voorstel aan. Red navorser/Nadia.
1145.	R: Die redes hoekom jy uit satanisme na spesifiek Christenskap toe gegaan het, en nie 'n ander godsdiens toe nie.	Nadia neurie effens verward.	Nie-verbale kommunikasie	Nadia Nie-verbale kommunikasie
1146.	Nadia: Ek het nie gekies nie (<i>die kat meeuw onsettend hard in die kombuis</i>).	Die terapeut noem aan Nadia dat sy net die redes moet noem en nie in detail moet ingaan nie.	Terapeut noem dat Nadia net redes moet noem en nie te veel herinneringe moet herroep nie.	Terapeut kommunikeer verbaal aan Nadia dat sy snellerinsidente net moet noem en nie te veel detail en herinneringe moet herroep nie.
1147.	T: Ok jy gaan kos kry (<i>praat met kat</i>).	Nadia is steeds verward en vra watter redes, die redes van wat.	Time loss. Nadia verward oor wat gepraat word	Tysdsverlies Dissosiatiewe amnesie Verward.
1148.	Nadia: Hy's doof moenie worry nie, lag uhhh.	Die navorser stel sy vraag duideliker en vra vir haar wat is die redes hoekom sy uit Satanisme na spesifiek Christenskap toe gegaan het en nie na 'n ander godsdiens toe nie.	Navorser stel die vraag van terapeut duideliker en vra Nadia om redes te noem wat maak dat sy spesifiek oorskakel na die Christelike godsdiens en nie na 'n ander godsdiens toe nie.	Ander godsdiens Duidelike kommunikasie aan Nadia Ondersoek snellerinsidente vir oorskakeling na Christelike godsdiens.
1149.	EK het dit nie gekies nie, Jesus het my gekies.	Nadia noem weer dat sy nie gekies het nie. Die kat begin onsettend hard in die kombuis miaau.	Nadia Nie Christelike godsdiens gekies; dit het haar gekies.	Nadia Nie bewustelik Christenskap gekies nie. Christenskap het haar gekies. Wêreldsiening-konflik Godellike ingryping in lewe vs. splitsing en identifikasie met goeie objek. Kat miaau hard in kombuis.
1150.	T: Alright kan ek die vraag anders stel?	Die terapeut praat met die kat en sê vir hom dis oukei, hy gaan kos kry.	Terapeut praat met kat en noem dat hy sal kos kry.	Terapeut kommunikeer verbaal met Kat Kat sal kos kry. Behoeftes sal bevredig word.

1151.	Nadia: Mmm (<i>ja</i>)	Nadia noem aan die navorser dat die kat doof is en dat hy nie moet worry nie. Sy lag (die kat miaau regtig hard en dit was amusant)	Nadia lig navorser in oor kat Verbale kommunikasie aan navorser dat kat doof is en dat hy nie moet bekommerd wees nie. Sy lag.	Navorser deel van onderhoud. Nadia deel dat kat doof is. Onbewuste wens om nie bekommerd te wees nie geprojekteer op navorser Ouditiewe waarneming van kat se miaau is hard.
1152.	T: Ek weet Jesus het jou gekies?	Nadia behou haar gedagte in 1149 en noem dat sy dit nie gekies het nie en dat Jesus haar gekies het.	Nadia ooruig dat sy nie Christenskap gekies het nie maar dat Jesus haar gekies het	Snellerinsident Jesus kies Nadia. Goddelike ingryping in lewe. Wêreldsiening-konflik. Onbewuste wens vir verlosser word in fantasie deur Jesus bevredig Onbewuste keuse om na Christelike godsdienste oor te skakel.
1153.	Sou ek 'n pakket voor jou neergesit het en gesê het hiers Christenskap, Islam, hiers Hinduïsme, hiers Buddisme, hie is Paganisme, spiritisme? Watter een sou jy gekies het.	Die terapeut vra of hy die vraag anders kan stel.	Terapeut vra of hy vraag anders kan stel.	Steuringsveranderlike Terapeut en navorser voer nou onderhoud. Terapeut het behoefte om beheer te hou
1154.	Nadia: Christenskap? (amper dadelike antwoord)	Nadia neurie 'n ja-antwoord.	Nadia antwoord nie-verbaal ja	Nie-verbale kommunikasie
1155.	T: Hoekom?	Hy noem aan Karien dat hy weet dat Jesus haar gekies het.	Terapeut noem weer dat hy kennis dra daarvan dat Jesus haar gekies het.	Terapeut het kennis dat Jesus haar gekies het Bevestig ondersteuning Verstaan
1156.	Nadia: Omdat ek dit al beleef het, terwyl ek besig was met satanisme.	Hy vra vir Nadia dat indien hy 'n pakket voor haar neergesit het en gesê het hier is Christenskap, Islam, Hindoeïsme, Boeddisme, Paganisme en Spiritisme, watter een sy sou kies.	Terapeut vra abstrakte vraag. Vergelyk godsdienste met pakket en noem verskeie godsdienste	Abstrakte denke Vergelyk godsdienste met pakket wat sy moet kies. Uit: Christenskap, Islam, Hindoeïsme, Boeddisme, Paganisme en Spiritisme
1157.	R: beleef het?	Nadia antwoord amper dadelik dat sy Christenskap sou kies.	Nadia antwoord verbaal amper dadelik dat sy Christenskap sal	Nadia antwoord dat sy bewustelik Christenskap sal

			kies	kies as dit 'n pakket was.
1158.	Nadia: Engele, Jesus se liefde, Liefde!	Die terapeut vra vir haar hoekom sy so sê	Terapeut ondersoek haar redes vir antwoord in 1157	Geleentheid vir selfonthulling Verbale vraag oor redes vir keuse van Christenskap
1159.	R: Kan jy vir my meer vertel?	Nadia antwoord die terapeut se vraag in 1158 en noem dat sy Christenskap sal kies aangesien sy dit al beleef het terwyl sy besig was met Satanisme.	Ervaringskennis van Christenskap tydens beoefening van Satansisme	Snellerinsident is -ervaringskennis van Christenskap tydens beoefening van Satanisme -(terugkeer van geprojekteerde goeie objek)
1160.	Nadia/Jolandie: Imagine, Né. (<i>lag</i>) Imagine jy is op... in 'n ritueel en eweskielik is (<i>laggie</i>) daar sulke massive massive beings infront of you, ugh ugh, wat doen jy? (<i>lag</i> verbasend, effens skok oor haar herinnering)	Die navorser herhaal haar woorde vraend aan haar en vra haar om uit te brei op wat sy met beleef bedoel.	Navorser vra beskrywing van data oor wat bedoel word met Christenskap beleef.	Beskrywende data Vra om belewenis te verduidelik
1161.	Vertel my wat doen jy as jy hierdie massiewe goeters voor jou sien, en jy't dit nog nooit in jou lewe gesien nie?	Nadia reageer op die navorser se vraag en sy noem dat sy engele, Jesus se liefde en liefde beleef het terwyl sy besig was met Satanisme. Dit is die redes waarom sy Christenskap sal kies. (sien 1157 en 1159)	Nadia antwoord verbaal dat sy engele, Jesus se liefde en liefde van Christenskap ervaar het terwyl sy besig was met die beoefening van Satanisme.	Snellerinsidente is geestelike ervaring van engele, Jesus se liefde en liefde tydens beoefening van Satanisme Terugkeer van geprojekteerde goeie objekte. Wêreldsiening-konflik Engele en ervaring van geestelike wesens en Jesus se liefde.
1162.	Jy't niks gepuit nie, of niks gerook nie, jy't geen drug gebruik nie.(dwelms)	Die navorser vra vir Nadia of dit vir haar moontlik is om vir hom meer te vertel.	Die navorser vra vir meer beskrywing van ervarings in 1161	Beskrywing van data Navorser vra beskrywings van geestelike ervarings.
1163.	Ummh. Jy's nie die enigste een wat dit sien nie, almal by die ritueel sien dit! Jy's nie die enigste een wat dit sien nie.	Nadia of Jolandie praat en noem in Engels dat die navorser homself moet verbeel hy is by 'n ritueel en ewe skielik is daar sulke massiewe, massiewe wesens reg voor hom.	Nadia of Jolandie noem dat navorser 'n verbeeldingsvlug saam met haar moet neem. Ritueel, en daar is onverwags ewe skielik massiewe,	Navorser word gevra om verbeeldingsvlug saam met Nadia te neem om ervaring te verstaan. Fantasie

		Sy lag verbaas, effens in verwondering oor haar herinnering terwyl sy die navorser vra wat hy sal doen.	massiewe wesens voor hom. Ervaar effens in verbasing en effens in verwondering (awe) herinnering Sy vra navorser verbaal wat hy sal doen.	Tydens Satanistiese ritueel (identifikasie met slegte-objekte) is daar skielik (terugkeer van engele (geprojekteerde goeie objek) Wêreldsiening-konflik Beskrywing in 1163 is dieselfde as Bybelse vertellings van engele wat verskyn. Engele massiewe geestelike wesens. Navorser word gevra wat sou hy maak.
1164.	R: Ummh?	Sy vra die navorser om aan haar te vertel wat sal hy doen as hy hierdie massiewe goeters voor hom sien en hy het dit nog nooit in sy lewe gesien nie.	Engele moeilik beskryfbaar deur woorde Engele massiewe goeters Het nog nooit sulke wesens gesien nie.	Engele nie lewenslank sigbaar aan Nadia nie. Engele masiewe goeters, geestelike wesens Nadia geen vooraf waarneming gehad van engele nie. Navorser word gekonfronteer met sy aksies as hy so iets sou ervaar.
1165.	Nadia: Weet jy wat? Né	Sy gaan verder en noem aan hom dat hy niks gespuit het, gerook het en geen drugs gebruik het nie en hy sien die wesens (1163)	Nadia sê spontaan dat daar geen dwelms, gespuit of gerook was nie.	Die moontlikheid van dwelmgeïnduseerde hallusinasie word weggeneem deur Nadia se onderskeid tussen dwelms, hallusinasies en haar waarneming. Wêreldsiening-konflik Geestelike wêreld van demone en engele en God Interne psigiese strukture en demone metafore.
1166.	Die snaakste van alles is jy hardloop!	Sy gaan verder en noem aan die navorser dat hy ook nie die enigste een is wat dit sien nie; almal wat by	Nadia verduidelik verder dat dit nie net fantasie is nie, want ander het dieselfde singuïlike	Twee maal word herhaal dat dit nie net sy was wat engele gesien het nie. (skakel fantasie uit/moontlike

		die ritueel is, sien dit (1163). Sy herhaal dat hy nie die enigste een is wat dit sien nie.	waarneming. Almal teenwoordig by die ritueel sien die engele. Sy herhaal dit.	groephallusinasie) Ander eksterne persone wat by Satanistiese ritueel was, sien ook engele Wêreldsiening-konflik.
1167.	Jy hardloop so ver as wat jou bene jou kan hou.	Die navorser neurie aanmoedigend, begrypend	Die navorser kommunikeer nie-verbaal empaties aanmoedigend	Aanmoedigende empatiese nie-verbale kommunikasie deur navoreser.
1168.	Ma weet jy wat is die snaakste nê, jy hardloop nie omdat jy bang is nie; jy doen nie!	Nadia vra vir die navorser: "Jy weet nê?. Die snaakste ding is dat jy hardloop. Dat jy hardloop so ver as wat jou bene jou kan hou." Sy vra of die navorser weet wat is die snaakste. Dat hy nie hardloop omdat hy bang is nie.	Nadia noem dat die snaakste ding is dat jy hardloop so ver as wat jy kan. Jy hardloop nie as gevolg van vrees nie.	Nadie noem dat die vreemde element aan sintuiglike waarneming van engele is dat sy gehardloop het weg daarvan af, maar nie as gevolg van vrees nie. Wêreldsiening-konflik Terugkeer van geprojekeerde goeie objek veroorsaak nie vrees nie maar paranoïede skisoïede angs dat liefde my gaan vernietig.
1169.				
1170.				
1171.				
1172.	Ek besef dit vandag.	Sy noem dat sy dit vandag besef 1171	Retrospektief besef sy dat sy nie gehardloop het omdat sy bang was nie.	Retrospektiewe terugkyk Hardloop nie uit vrees uit weg van engele af nie.
1173.	Jy hardloop nie omdat jy bang is nie. Jy hardloop omdat hierdie liefde voor jou is. "Something you have never ever experienced in your, whole life"-Dit is hoekom jy hardloop. Omdat hierdie liefde da voor jou is.	Sy is terug by haar versoek dat die terapeut op 'n verbeeldingsvlug moet gaan en noem dat hy nie hardloop omdat hy bang is nie, maar hy hardloop omdat hierdie liefde voor hom is. Iets wat hy nog nooit, nooit vantevore in sy hele lewe ervaar het nie; dis hoekom hy hardloop. Omdat hierdie liefde voor hom is.	Veroek dat terapeut op verbeeldingsvlug gaan saam met haar. Nadia noem dat sy gehardloop het omdat liefde voor haar was.	1164 en 1171 Hardloop as gevolg van liefde wat voor hom is. Liefde is 'n lewenslange onbekende ervaring en daarom hardloop sy. Engel is liefde voor haar.

1174.				
1175.				
1176.	Hulle- die engele staan nie daar voor jou en sê ja ek gaan jou nou judge nie.	Sy verduidelik verder aan die navorser dat die engele nie daar voor hom staan en sê dat hulle hom nou gaan oordeel nie.	Engele het nie gekom om te oordeel nie.	Engle nie daar om te oordeel nie. Wêreldsiening-konflik Engele het nie interne konflik of oordeel gebring nie. Engele vs terugkeer van interne geprojekteerde goeie objekte
1177.	Hulle staan daar met hierdie massiewe massiewe liefde en dit is wat jou maak hardloop maak dink want jy ken dit nie en ook die feit dat jy hulle sien, jy ervaar net liefde!	Die engele staan daar met hierdie massiewe, massiewe liefde en dit is wat hom maak hardloop, maak dink aangesien hy dit nie ken nie en ook die feit dat hy hulle sien en die liefde ervaar.	Engele staan met massiewe liefde. Die liefde maak dat hy hardloop, dink, aangesien dit onbekend is. Engel maak hardloop want hulle word visueel waargeneem. Liefde word sensories ervaar.	Herhaal woord 'massiewe' 2 keer. Engele het massiewe liefde Liefde - maak hardloop) paranoïede skisoïede angs. - sensories waarneembaar. Visuele sigbaarheid van engele maak dat jy hardloop Wêreldsiening-konflik Geestelike wesens vs fantasie.
1178.	Dit laat jou wonder of Jesus regtig dood is, en of die Bybel regtig net 'n klomp leuens is.	Sy noem verder aan hom dat hierdie ervaring wat sy beweer dat sy self gesien het die navorser ook sal laat begin wonder of Jesus regtig dood is en of die Bybel regtig net 'n klomp leuens is.	Noem dat beweerde visuele waarneming van engele en ervaring van hul liefde bring eksistensiële vrae en twyfel oor die Christelike godsdiens. Wonder of Jesus dood is of leef. Is Bybel net leuens?	Snellerinsident vir oorskakeling is visuele waarneming van engele en die gevolglike vrae oor of Jesus net persoon was wat dood is, en nie leef nie, en of Bybel net leuens is.
1179.	R: Is daar nog redes?	Die navorser gaan nie verder in die onderwerp in nie en vra aan haar of daar nog redes is.	Navorser vra of daar nog redes is	Navorsingsvraag ondersoek redes vir oorskakeling
1180.	Nadia: Ja ek het hulp gaan soek by Kerke, by instansies,	Nadia antwoord sy vraag en noem dat sy gaan hulp soek het by kerke,	Nadia noem dat sy hulp by kerke, instansies, psigieters	Snellerinsident is onsuksesvolle hulp deur

	by psigiaters.. Weet jy hoeveel keer is ek by 'n kerk uit gejaag, te veel keer!	by instansies, by psigiaters. Sy vra aan die navorser of hy weet hoeveel keer sy uit 'n kerk uitgejaag is. Volgens Nadia is sy te veel keer uit 'n kerk uitgejaag.	gesoek het. Sy noem dat kerke haar veral fisiek verwerp het.	- kerke - instansie - psigiaters. Fisieke verwerping deur kerke.
1181.	R: Hoe het die ervaring met engele jou gehelp om te besluit op Christenskap?	Die navorser vra vir Nadia om aan hom te verduidelik hoe die ervaring met engele haar gehelp het om te besluit op Christenskap.	Navorser onseker oor hoe 1179 ervaring met engele gehelp het om oor te skakel na Christenskap	Navorser ondersoek hoe ervaring met Engele snellerinsident is vir oorskakeling.
1182.	Nadia: Die liefde wat hulle gehad het, die liefde...	Nadia is baie duidelik daarvoor dat dit die liefde is wat hulle (die engele) gehad het.	Die liefde wat engele gehad het. Die liefde is die antwoord op die navorser se vraag in 1181	Engel se liefde was snellerinsident vir oorskakeling. Bonatuurlike ervaring van liefde= snellerinsident.
1183.	Ek kon nie liefde in 'n ander geestelike wesens of godsdienste vind nie.	Nadia verduidelik aan die navorser dat sy nie liefde in ander geestelike wesens of godsdienste kon vind nie.	Nadia kommunikeer verbaal dat sy nie liefde in ander geestelike wesens of godsdienste kon vind nie.	Verbale kommunikasie dat liefde nie gevind is by ander geestelike wesens of godsdienste nie. Wêreldsiening-konflik Geestelike en natuurlike Fantasie of realiteit.
1184.	Die ander Godsdienste toe ek Tia land toe was, het nie liefde gehad nie dit was prinsiples.	Sy verduidelik verder aan die navorser dat haar ervaring van die ander godsdienste wat sy beoefen het toe sy in Thailand was, nie liefde gehad het nie maar net 'n klomp beginsels was.	Nadia noem dat ervaring van ander Oosterse godsdienste het nie liefde gehad nie, maar net beginsels.	Snellerinsident is die beoefening van ander Oosterse godsdienste wat beginsels gehad het, maar nie liefde nie.
1185.	Daar was nie liefde nie dit was prinsipes en dit het my nie genuene nie help met die geestelike aanvalle wat ek kry nie.	Sy verduidelik aan hom dat daar nie liefde was nie, net beginsels en dat daardie godsdienste haar nie werklik gehelp het met die geestelike aanvalle wat sy gekry het nie.	Oosterse godsdienste net beginsels, nie liefde nie, en kon ook nie help met die geestelike aanvalle wat sy gekry het nie.	Snellerinsident is die ervaring dat Oosterse godsdienste liefdeloos is en net beginsels het. Snellerinsident dat Oosterse godsdienste nie help met geestelike aanvalle nie.
1186.	Die prinsipes het my nie gehelp nie.	Sy herhaal dat die beginsels haar nie gehelp het nie.	Beginsels het haar nie gehelp nie.	Slegs beginsels het Nadia nie gehelp nie.

1187.	R: Jy't geskryf hierso dat "Dit is toe dat ek beseft het dat daar meer is aan die lewe aan dit wat ek ken" Kan jy dalk daarop uitbrei?	Die navorser noem aan Nadia dat sy geskryf het dat dit toe was dat sy beseft het dat daar meer is aan die lewe as dit wat sy geken het en hy vra of sy dalk daarop kan uitbrei.	Fenomenologiese vraag word gevra oor stelling dat daar 'n beseft was dat daar meer is aan die lewe as dit wat sy geken het.	Fenomenologiese vraag oor Die meer aan die lewe. Beseft dat daar meer is aan die lewe.
1188.	Nadia: Liefde! Iets wat ek nog altyd in my lewe gesoek het, my hele lewe.	Nadia noem in antwoord op die fenomenologiese vraag in 1187 dat dit liefde was. Liefde iets was wat sy nog altyd in haar lewe, haar hele lewe gesoek het	Liefde is die meer in die lewe. Lewenslange soektog na liefde.	Liefde is die meer in die lewe Liefde gee sin en betekenis aan Nadia Lewenslange soektog na liefde
1189.	Die enigste ding wat jy ooit in jou lewe soek is liefde, en aanvaarding.	Nadia verduidelik aan die navorser dat die enigste ding wat iemand ooit in die lewe soek, is liefde en aanvaarding.	Nadia verduidelik dat enigste ding wat iemand in die lewe soek, is liefde en aanvaarding.	Nadia se behoefte aan liefde en aanvaarding is snellerinsident vir oorskakeling na Christelike godsdiens.
1190.	(Snuif) En dit is nie wat jy in die beweging kry nie.	Sy snuif en noem dat 'n persoon nie liefde en aanvaarding in die beweging kry nie.	Gebrek aan aanvaarding in die Satanistiese beweging	Gebrek aan aanvaarding in die Satanistiese beweging is snellerinsident vir oorskakeling.
1191.	Toe ek Jesus ontmoet het, toe het ek liefde ervaar dit is die meer aan die lewe.	Vir Nadia is die meer aan die lewe waarvan sy skryf in (7;1187) dat sy Jesus ontmoet het, want toe het sy liefde ervaar.	Die meer aan die lewe is 'n ontmoeting met Jesus Christus in wie sy liefde ervaar het.	Ervaring van liefde by Jesus Christus is die meer aan die lewe en snellerinsident vir oorskakeling na Christelike godsdiens. Onbewustelike behoefte aan 'n verlosser word in Jesus Christus as geïdealiseerde goeie objek bevestig.
1192.	Hy aanvaar jou vir wie jy is en wat jy is, en maak nie saak wat jy deur jou lewe gedoen het nie, Hy aanvaar jou (5 Sek) stilte.	Sy verduidelik dat Jesus 'n persoon aanvaar vir wie en wat hy is en dat dit nie saak maak wat iemand in sy lewe gedoen het nie, Jesus aanvaar jou. Sy is vir 5 sek stil. Sy bevestig dat Jesus doen (aanvaar soos jy is)	Jesus gee onvoorwaardelike liefde Jesus Christus voldoen aan die behoefte vir aanvaarding 5 sekonde stilte	2 maal bevestig sy dat Jesus Christus onvoorwaardelike liefde het en onvoorwaardelik aanvaar. 5 sekonde stilte. Jesus Christus geïdealiseerde goeie objek spreek behoefte aan redder aan. Fantasie

1193.	Hy doen. (effens bewoë en reflektief) Weet jy ek was by sielkundiges en psigiaters en Weet jy hulle het my nie verstaan nie, hulle het my nie geglo nie, ek was nege.	“Jesus doen” (effens bewoë en reflektief) Sy vra vir die navorser of hy weet dat sy by psigiaters was en dat hulle haar nie verstaan het nie, dat hulle haar nie geglo het nie en dat sy nege was.	Sy raak emosioneel as sy dink aan die liefde van Jesus. Vra of navorser bewus is dat sy by psigiaters nie begrip vir haar gehad het en haar verstaan het nie. Eerste psigiatriese hulp op ouderdom 9	Jesus se liefde ontlok hartseer emosies by haar. Bevestig dat Jesus haar onvoorwaardelik aanvaar en liefhet. Geskiedenis van psigiatriese hulp. Psigiaters se onvermoë om haar te verstaan, is snellerinsident vir oorskakeling na Christenskap
1194.	Veertien van hulle deur gegaan.	Sy het deur veertien psigiaters gegaan. Haar ervaring was dat hulle haar nie verstaan het of haar verhaal en ervarings geglo het nie.	Karien was by veertien psigiaters	Wissel van psigiaters aangesien hulle gebrek aan begrip en verstaan toon en skepties was. Mediese professie (psigiaters) is skepties oor ervarings
1195.	R: Veertien?	Die navorser is effens geskok oor haar opmerking dat sy deur veertien psigiaters gegaan het en vra: “Veertien?”	Navorser geskok oor hoeveelheid psigiaters wat sy gesien het.	Navorser geskok oor aantal psigiaters. Skepties 14 psigiaters
1196.	Nadia: Ja, ek was al gesertifiseer.	Sy bevestig dat sy al deur veertien psigiaters was en dat sy al gesertifiseer was.	Nadia bevestig dat sy by 14 psigiaters was.	Nadia bevestig dat sy 14 psigiaters gehad het. Nadia het geskiedenis van sertifikasie
1197.	R: Vertel my daarvan?	Die navorser vra vir Nadia om hom meer daarvan te vertel (1197)	Navorser vra uit oor sertifisering	Ondersoek sertifisering
1198.	Nadia: Omdat ek ‘n gevaar was vir my self e-en vir ander.	Sy noem dat sy gesertifiseer was aangesien sy ‘n gevaar was vir haarself en vir ander.	Sertifisering as gevolg van gevaar vir self en ander.	Sertifisering artikel Gevaar vir self en ander
1199.	Selfmoord, en alles.	Sy noem selfmoord en alles.	Selfmoordpogings	Selfmoord-ideasie/pogings.
1200.	Weet jy ek het eenkeer iemand gesien wat vir my gesê het hulle sien nie KANS Hughh (<i>disgusted sug</i>).	Sy vra vir die navorser of hy weet dat sy eenkeer iemand gesien het wat vir haar gesê het dat hulle nie kans sien nie. Sy is verontwaardig en sug.	Nadia herroep psigiater wat verbaal gekommunikeer het dat sy nie kans sien om haar te sien nie. Nadia verontwaardig	Verontwaardig Verwerping deur professionele psigiaters. Nadia herroep dat psigiater verbaal gekommunikeer het dat sy nie kans gesien het vir haar

				nie.
1201.	R: Sien nie kans nie?	Die navorser vra haar om uit te brei daarop dat sy sê dat iemand vir haar gesê het dat hulle nie kans sien nie.	Navorsing ondersoek beskrywing dat iemand nie kans gesien het nie	Beskrywende data Akkuraatheid van data
1202.	Nadia: Hulle het nie kans gesien vir dit waarby ek betrokke was nie, hulle het dit net so vir my gesê, hulle het gesê hulle is bang?	Nadia verduidelik dat hulle nie kans gesien het vir dit waarby sy betrokke was nie, dat hulle dit net soos wat sy dit hier stel vir haar gesê het, dat hulle vir haar gesê het hulle is bang.	Nadia noem dat die psigiaters nie kans gesien het vir haar nie as gevolg van haar betrokkenheid by Satanisme Psigiaters het genoem dat hulle bang was.	Psigiaters het nie kans gesien vir haar geskiedenis van betrokkenheid by Satanisme nie. Psigiaters was bang
1203.	Hulle was bang ek gaan hulle curse (<i>vind dit effens snaaks</i>).	Dat hulle bang was dat sy hulle gaan vervloek (sy vind hulle vrees effens snaaks)	Psigiaters was bang dat sy hulle gaan vervloek	Wêreldsiening-konflik Psigiaters vrees vervloeking deur Karien Geestelike wêreld Teenprojektiewe identifikasie deur psigiaters.
1204.	R: Bang ek gaan hulle curse?	Die navorser herhaal haar woorde vraend dat hulle bang was dat sy hulle gaan vervloek.	Navorsing ondersoek woord bang.	Bang Karien gaan hulle vervloek se betekenis word ondersoek akkuraatheid van data.
1205.	Nadia: Ja hulle was bang dat ek hulle gaan curse.	Nadia beaam en sê ja hulle was bang dat sy hulle gaan vervloek.	Nadia noem dat hulle bang was sy gaan hulle vervloek	Psigiaters vrees vervloeking deur Satanis. Coutern projektiewe identifikasie
1206.	R: Dit wat nou-nou gebeur het, toe Diwan vir jou gebid het, kan jy my meer daarvan vertel?	Die navorser vra Nadia uit oor die gebeure van die onderhoud veral toe die terapeut vir haar gebid het, en of Nadia vir hom meer daarvan kan vertel.	Navorsing ondersoek gebeure tydens onderhoud veral typerk van gebed deur terapeut	Navorsing soek beskrywende data oor gebeure tydens onderhoud waar terapeut gebid het.
1207.	Nadia: Weet jy dit is iets wat deel is daarvan om uit die beweging uit te kom,-geestelike attacks- veral as jy 'n Christen word.	Nadia vra vir die navorser of hy weet dat dit iets is wat deel is daarvan om uit die beweging uit te kom. Sy beskryf die gebeure waar die terapeut vir haar gebid het as 'n geestelike aanval en sy noem dat	Nadia noem dat die ervaring tydens die onderhoud deel is van haar oorskakeling uit Satanisme. Sy noem dit geestelike aanvalle veral as Satanis oorsakel na	Gepaardgaande subjektiewe ervaring van geestelike aanvalle. Beskryf gebeure tydens gebed as geestelike aanvalle en deel van ervaring om oor te skakel na Christenskap.

		dit veral sal gebeur as 'n Satanis 'n Christen word.	Christelike godsdienst.	Geestelike aanvalle veral by oorskakeling na Christelike godsdienst. (Wêreldsiening-konflik) Splitsing goed en sleg terugkeer van geprojekeerde slegte objek.
1208.	Partykeer, wanneer ek dit ervaar gaan my gees soms uit my liggaam, gebed is die enigste ding wat help om my gees dan terug te kry- veral as my gees op 'n ritueel is.	Sy verduidelik dat sy partymaal wanneer sy dit ervaar, ook ervaar dat haar gees soms uit haar liggaam uitgaan en dat gebed die enigste ding is wat help om haar gees dan terug te kry, veral as haar gees op 'n ritueel is.	Bekryf dat sy ervaar dat haar gees soms uit haar liggaam uitgaan. Gebed is enigste ding wat haar gees terugkry veral as daar 'n ritueel is.	Ervaring dat gees liggaam verlaat Geestelike hulp en gebed al wat gees terugkry Gebed help veral as haar gees op 'n ritueel is Wêreldsiening-konflik Fantasie
1209.	R: Partykeer?	Partykeer?	Navorseer vra betekenis van woor partymaal	Akkuraatheid van data ondersoek woord partymaal.
1210.	Nadia: Partykeer, Partykeer, is gebed al wat help om die goed wat ek ervaar te hanteer maar op hierdie oomblik; ook dit waarmee ek saamleef (<i>sy kyk en strek haar kop uit in die rigting van Petrus</i>)	Nadia beaam dat gebed partykeer, partykeer al is wat help om die goed wat sy ervaar, te hanteer. Sy kyk vir Petrus en strek haar kop uit in sy rigting en verduidelik dat op die oomblik help ook dit waarmee sy saamleef om dit wat sy ervaar, te hanteer	Nadia beaam dat gebed partykeer al is wat help om haar ervarings te kan behou of hanteer. Petrus bied ook ondersteuning huidiglik vir ervarings.	Petrus ondersteun Nadia huidiglik. Ervarings word ondersteun om verhoudings en geestelike wyse. Gebed is partymaal al wat ervarings hanteerbaar maak. Geestelike aanvalle of ervarings word slegs deur gebed beheer. Wêreldsiening-konflik. Gebed Psigologiese ondersteuning en geestelike ondersteuning.
1211.	Partykeer bid jy nie, jy vat die ondersteuning van ander en hom waarmee jy saamleef. You just...(sy klink effens hardseer)	Sy verduidelik verder dat sy partykeer nie bid en die ondersteuning van ander en hom waarmee sy saamleef (Petrus) vat. Sy begin in Engels noem dat jy net... sy klink egter effens hartseer.	Sy verduidelik dat sy partykeer net psigologiese ondersteuning en verhoudingsonder-steuning nodig het. Nadia kommunikeer in Engels.	Benodig met tye nie gebed nie Benodig net ondersteuning van betekenisvolle ander (kêrel) Ouditiewe waarneming van hartseer gevoelens.

				Kommukeer in Engels.
1212.	R: Het jy nog altyd hierdie... wat jy noem geestelike attacks gehad?	Die navorser vra aan Nadia of sy nog altyd wat sy geestelike aanvalle noem, ervaar	Navorser vra of geestelike aanvalle lewenslange ervaring is.	Ondersoek of geestelike aanvalle lewenslange ervaring is.
1213.	Nadia: Nee, dit het begin vandat ek uit gekom het of eerder weg gehardloop (<i>verwys na Satanisme</i>) het.	Nadia antwoord duidelik nee op sy vraag in 1212 en verduidelik dat die geestelike aanvalle begin het vandat sy uitgekome het of eerder weggehardloop het van Satanisme.	Nadia Geestelike aanvalle eers begin tydens ontvlugting van Satanisme	Geestelike aanvalle eers ervaar tydens ontvlugting van Satanisme. Wêreldsiening-konflik Beweeg oor na koninkryk van lig. Koninkryk van duisternis val aan Splitsing en die terugkeer van die geëksternaliseerde slegte objek wat vrees en angs veroorsaak.
1214.	Jy ervaar dit. (<i>Raak krielrig, effens hardseer</i>) ughhmm, elke oomblik wat jy by daai deur uitstap.	Nadia raak krielrig en effens hartseer, sy neurie, kreun terwyl sy verbaal noem dat sy dit (geestelike aanvalle) ervaar elke oomblik wat sy by die deur uitstap.	Nadia ervaar ongemak Vraag ontlok angs. Beeldspraak noem sy dat geestelike aanvalle 'n konstante ervaring is	Vraag oor geestelike aanvalle ontlok vervolgingsangs. Geestelike aanvalle begin weer? Kommunikeer deur beeldspraak, noem dat geestelike aanvalle konstante ervaring is. Konstante vrees vir terugkeer van geprojekteerde slegte objek.
1215.	Ummmh (<i>sug</i>) dan wonder jy (huuugh) Wanneer? Wanneer gaan dit ophou? Stilte (<i>4sek</i>)	Sy sug en noem dat as sy die geestelike aanvalle ervaar, wonder sy wanneer, wanneer gaan dit ophou. Daarna is sy vir 4 sekondes stil.	4 sekonde stilte spreek verbaal behoefte uit dat geestelike aanvalle moet ophou.	Behoeftes aan heel-objek-verhoudings. Verbale kommunikasie aan behoefte dat geestelike aanvalle moet ophou. Moedeloosheid 4 sekondes stilte.
1216.	R: Is daar nog enige iets anders wat jy voel belangrik is tot jou besluit om uit satanisme uit te kom?	Die navorser vra vir Karien of daar nog enige iets anders is wat sy voel belangrik is tot haar besluit om uit Satanisme uit te kom.	Die navorser vra vir Karien of daar enige iets anders is wat sy as belangrik ag wat 'n snellerinsident is vir oorskakeling uit Satanisme.	Navorser ondersoek moontlikheid van enige ander snellerinsidente.

1217.	<i>(sy raak weer effens onrustig en dit lyk asof sy 'n battle het om te bly gesêls.)</i>	Die navorser neem waar dat sy weer effens onrustig raak en dit kom vir hom voor of Nadia 'n geveg het/stryd het om te bly gesels	Visuele waarneming is verhoging in angs. Dit wil voorkom of sy stryd het om te bly gesels.	Geestelike geveg om verbaal te kommunikeer Weerstand Visuele waarneming van angs Projeksie van behoefte om klaar te maak.
1218.	Nadia: Muuh <i>(vraend - wat).</i>	Nadia vra neurie-agtig vir die terapeut wat hy gevra het.	Nadia konsentrasie verloor	Gebrek aan konsentrasie Dissosiasie Besig met geestelike geveg. Tydsverlies.
1219.	R: Is daar enigiets wat jy dink, my sal help om te verstaan waardeur jy gaan?	Die navorser herhaal sy vraag en vra aan haar of daar enige iets is wat sy dink hom sal help om te verstaan waardeur sy gaan.	Navorser herhaal vraag in 1216 en vra of daar aspekte is wat sy dink hom sal help om gepaardgaande subjektiewe ervaring beter te verstaan.	Ondersoek gepaardgaande subjektiewe ervarings. Navorser ondersoek moontlikheid van enige ander snellerinsidente. Herhaal vraag 2de keer.
1220.	Wat kan help om my te laat begryp wat dit is om uit satanisme uit te kom? Hoe kan iemand jou bystaan?	Wat kan help om hom te laat begryp wat dit is om uit Satanisme uit te kom? Hy vra haar ook hoe iemand haar kan bystaan.	Navorser vra wat kan sy noem wat werklik sal help dat navorser verstaan wat dit behels om uit Satanisme te kom. Hy vra hoe kan 'n persoon haar bystaan.	Ondersoek aspekte wat volgens haar die subjektiewe ervaring en oorsakeling verstaanbaar sal maak. Ondersoek bystand en ondersteuningswyses.
1221.	Nadia: <i>(baie rustig en ersntige stemtoon)</i> As iemand my wil bystaan?	Nadia herhaal vraend die navorser se vraag: as iemand haar wil bystaan.	Nadia onduidelik oor dubbele vraag.	Dubbele vraag laat Nadia onduidelik. Herhaal retories die vraag oor hoe iemand haar kan bystaan.
1222.	Hy sal nie net gewone boeke kennis kan gebruik nie, hy sal... hy sal totaal en al devoted wees aan dit wat God vir hom sê om te doen.	Hy sal nie net gewone boeke kennis kan gebruik nie. Vir Nadia sal daardie persoon ook totaal en al toegewyd moet wees aan dit wat God vir hom sê om te doen.	Vir Nadia kan iemand haar werklik bystaan as hy nie net gewone boeke kennis gebruik nie. Persoon sal ook toegewyde en gehoorsame Christen moet wees.	Net boeke kennis is nie voldoende bystand nie Natuurlike kennis onvoldoende Geestelike toegewyde en gehoorsame aan God se opdragte ook nodig. Werklike bystand het 'n natuurlike psigologiese komponent en kennis en 'n geestelike toewyding aan God

				komponent.
1223.	Net sielkundige teoriee alleen val so nie in plek nie, dit hang af van wat dit is wat God vir jou sê om te doen.	Sy noem spesifiek dat net sielkundeteorieë so nie in plek val nie, en dat om haar by te staan, afhang van dit wat God vir die persoon wat help, sê om te doen.	Net sielkundeteorieë nie voldoende is nie, maar dat bystand afhang van gehoorsaamheid aan God.	Bystand benodig 'n kennis van sielkundige teorieë, Sielkundige teorieë aangaande ervaring is volgens Karien onvoldoende bystand. Geestelikegehoorsaamheid moet bykom. Karien bevestig belangrike rol van wêreldsienings en holistiese benadering tot Sataniste.
1224.	(2 Sek) Dit hang af van van wat jy verstaan van God, die geestes wêreld en dit wat God van jou af wil hê.	Daar is 2 sekondes stilte. Sy verduidelik dat dit ook afhang van wat 'n persoon verstaan van God, die geesteswêreld en dit wat God van daardie persoon af wil hê.	2 sekondes stilte. Kennis van God en van die geestelike wêreld ook belangrik net soos sielkundige teorieë, en gehooraamheid aan God.	2 Sekondes stilte 1223 vervolg. Wêreldsienings is belangrik Kennis en gehoorsaamheid aan God. Kennis van geestelike wêreld is belangrik.
1225.	Ummm (raak weer effens onrustig)	Nadia neurie-kreun en kom weer effens onrustig voor.	Nie-verbale kommunikasie Verhoging van angs	1224 veroorsaak angs. Nie-verbale kommunikasie
1226.	Dit hang totaal en al af van wat...dit wat jy bereid is om te sacrifice... Net soos wat dit in die beweging is wat jy bereid is om te sacrifice, net so moet jy sacrifice vir God.	Nadia noem dat dit (bystand) totaal en al afhang van dit wat daardie persoon self bereid is om op te offer net soos wat dit in die beweging gaan oor wat iemand bereid is om op te offer net so moet die persoon wat bystand bied, opoffer vir God.	Bystand direk eweredig aan opofferings deur persoon. Persoon moet toegewyd wees en opofferings maak soos Sataniste toegewyd is en opofferings maak.	Bystand direk eweredig aan opoffering (primêre narsissisme) Almagtigheidsfantasie dat persoon wat bystand bied in alle behoeftes gaan voldoen. Beginsel aangaande toegewydheid in gehoorsaamheid aan God.
1227.	Net soos wat Job, alles verloor het in sy lewe moet jy bereid wees om alles te verloor in jou lewe om iemand te help.	Sy vergelyk die opoffering met Job, en noem dat net soos wat Job alles verloor het in sy lewe moet die persoon wat bystand bied bereid wees om alles te verloor in sy lewe om iemand te help.	Bystand = Bybelse Job Bereidheid om alles te verloor om iemand te help. Vergelyking	Bybelse Job (persoon wat ondersteun moet alle slegte objek projeksies kan hanteer) Onbewuste behoefte van almagtigheidsfantasie en behoefte aan verlosser. Moet soos Jesus Christus wees, gee alles, selfs lewe.

1228.	Sonder God kan jy mynie heeltemal help nie, jy kan my ondersteun en so, maar sonder God kan jy my nie heeltemal help om vry te kom nie...	Sy noem dat sonder God kan iemand haar nie heeltemal help nie, sy noem dat iemand haar wel kan ondersteun sonder God, maar dat daardie persoon haar nie heeltemal kan help om vry te kom nie en ondersteun nie	Noem dat sonder geestelike hulp kan sy nie ten volle gehelp word nie.	Sonder geestelike hulp kan Karien ondersteun word, maar kan haar nie ten volle help nie. God of geestelike hulp kan haar ten volle help Wêreldsiening-konflik
1229.	<i>(Lang stilte, sy lyk weer bietjie onrustig soos vroer voordat daar gebid is. Ek het gevoel dit is goed om hier te stop en nie verdere herhinneringe op te roep nie).</i>	Lang stilte. Sy lyk weer bietjie onrustig soos vroeër voordat daar gebid is. Die navorser het op hierdie punt gevoel dat hy hier gaan stop en nie verder herinneringe oproep nie.	Lang stilte Verhoging in angs. Navorser beskerm deelnemer	Lang stilte Verhoging van angs Eties korrekte optrede Navorser voel om onderhoud te stop.
1230.	Rehan: Baie dankie, vir jou tyd.	Die navorser bedank Karien vir haar tyd.	Dankbaarheid teenoor deelnemer vir tyd	Dankbaarheid teenoor deelnemer vir tyd Menswaardige hantering van deelnemer.
1231.	EK het nie meer verdere vra vir jou nie.	Hy noem aan haar dat hy nie meer verdere vrae het nie.	Navorser noem dat hy nie verdere vrae het nie.	Kondig einde van onderhoud aan. Navorser geen verdere vrae
1232.	As daar iets is wat jy onthou of wat jy dink nodig is om te weet, of wat jy dink belangrik is dan sal ek weer kom.	Verder verduidelik hy dat as daar iets is wat sy onthou of wat sy dink nodig is om te weet of wat sy dink belangrik is dan sal hy weer kom om met haar te gesels	Verduidelik aan dat indien sy bewus word van ander relevante aspekte sal hy weer met haar onderhoud voer.	Hou kommunikasie oop Verduidelik dat as daar ander relevante aspekte na bewussyn kom en sy wil dit met hom deel, sal hy weer onderhoud voer.
1233.	Maar ek dink vir eers het ek genoeg, Ek sien dit is vir jou baie moeilik om oor al hierdie dinge te praat.	Maar hy dink dat hy vir eers genoeg informasie het. En hy noem aan haar dat hy sien dat dit vir haar moeilik is om oor al hierdie dinge te praat.	Navorser voel informasie is voldoende. Empatie Behou deelnemer	Data beskrywend en ryk genoeg vir Navorser. Empatie Navorser behou deelnemer en neem waar dat dit traumaties is om herinneringe te deel.
1234.	Baie dankie dat jy bereid was om met my te praat en om jou ervaring en seer te deel. Ek waardeer jou tyd.	Hy bedank haar vir haar bereidwilligheid om met hom te praat en om haar ervaring en seer met hom te deel. Hy noem aan haar dat hy haar tyd waardeer.	Dankbaarheid teenoor deelnemer. Waardering vir selfonthulling en deelname aan navorsing	Dankbaarheid teenoor deelnemer Waardering vir selfonthulling en deelname aan navorsing Waardering van tyd.

1235.	Nadia: O.K. Wil julle koffie hê.	Sy sê oukei en vra of die terapeut en navorser koffie wil hê	Nadia gaan oor na sosiale interaksie Nadat sy oukei sê	Onderdruk gevoelens Sosiale interaksie Gasvryheid
1236.	<i>Ek het die oudio-band gestop, ons het koffie gedrink en saam met haar en haar kêrel gekuier vir +/- 10 minute .</i>	Die navorser het op hierdie punt die oudioband gestop en hulle het koffie gedrink saam met Karien en Petrus gekuier vir ongeveer 10 minute.	Stop data-opname	Data-opname gestop. Sosiale gesprek van 10 minute saam met Petrus en terapeut.
1237.	Die volgende dag het Diwan my geskakel en genoem dat dit goed gaan met Karien.	Die terapeut het die navorser die volgende dag geskakel en genoem dat dit goed gaan met Karien.	Terapeut skakel navorser en lig in dat dit goed gaan met Karien	Terapeut gee terugvoer dat dit goed gaan met Karien na onderhoud.
1238.	Sy was rustig en sy was blykbaar baie bly en dankbaar dat sy gesels het want dit was vir haar terapeuties om oor Andries te huil.	Die terapeut het genoem dat Karien rustig is en dit sy baie bly was en dankbaar was om oor als te gesels aangesien dit vir haar terapeuties was om oor Andriaan te huil.	Terugvoer dat Karien rustig is. Karien is dankbaar vir onderhoud, sy het dit as terapeuties ervaar om oor Adriaan te gesels	Onderhoud het terapeutiese effek op Karien Terugvoer aan navorser deur terapeut. Dankbaarheid by Karien ten opsigte van onderhoud. Emosionele ontlading.
1239.	Hy het ook aan my genoem dat die persoonlikeid wat hier die (onbekende alter) genoem is vir die eerste keer sy/haar verskeining gemaak het en dat Karien se interne selfhelper Nadia dankbaar is dat sy nou van nog 'n alter weet.	Die terapeut het ook genoem dat die persoonlikeid wat hier die onbekende alter genoem is, vir die eerste keer sy/haar verskyning gemaak het. Karien se interne-selfhelper Nadia is ook volgens die terapeut dankbaar dat sy bewus is van nog 'n alter	Onderhoud het nuwe persoonlikeid ontsluit (bekend in transkribering as onbekende alter.) Nadia ook dankbaar vir groter bewustheid van onbekende dele en interne samewerking	Onderhoud het <ul style="list-style-type: none"> - onbekende alter of persoonlikeid ontsluit. - Nadia bewus gemaak van onbewuste deel - samewerking tussen alters versterk en - dankbaarheid by Nadia veroorsaak.
1240.	Samewerking tussen die dele sal nou net nog versterk kan word sy blykbaar gesê.	Volgens die terapeut was Nadia blykbaar bly oor die ontdekking aangesien samewerking tussen die dele nou net nog versterk kan word	Onderhoud versterk interne samewerking.	Nadia opgewonde oor ontdekking van onbewuste deel, want samewerking kan versterk word.
1241.	Sy was veral opgewonde om te weet van nog 'n alter aangesien sy nou Jesus se liefde met haar kan deel en haar ook kan help om haar seer te hanteer.	Karien/Jolandie was veral opgewonde om te weet van nog 'n alter aangesien sy nou Jesus se liefde met hierdie alter kan deel en haar kan help om haar seer te hanteer.	Karien/Jolandie veral opgewonde om liefde van Jesus met alter te kan deel en ondersteuning te kan bied.	Jolandie was veral opgewonde om liefde van Jesus met onbekende alter te deel Te help om emosionele trauma en hartseer te hanteer.